

PolyMathic

Die beste eksamen voorbereiding
Kry 20x vraestelle, 20x Memos en
Videos waarin elke vraag stap-vir-stap
verduidelik word vir slegs R25pm

Vir meer inligting gaan na:
PolyMathic.co.za of
Whatsapp: 081 697 6555

**Lees asseblief die
inligting op die
volgende bladsy
aandagtig deur!**

Voorwoord

Hierdie is jou “handleiding”, lees hom asseblief deeglik deur.

1. Hierdie PDF bestaan uit 10 vraestelle, 10 memos, die temas wat hanteer word asook ’n basiese samevatting van die werk.
2. Die vraestelle en memos is gerangskik as Vraestel 1/Memo1/ Vraestel 2/Memo 2 ens.
3. Voor elke vraestel is ’n blad wat aandui dat jy met ’n nuwe vraestel en memo begin.
4. Die voorblaaie en instruksies bladsye is verwyder om papier te spaar. Direk na hierdie bladsy is ’n enkele “instruksies” blad.
5. Die Temas bladsye wys vir jou waar jy watter tipe vrae kan kry – veronderstel jy wil slegs Magnetisme doen dan kan jy bv. sien dat dit gevra word in Vraestel 13: Vraag 23 ens.
6. Die opsommings blad bevat nie die volledige opsommings vir die jaar nie. Die Junie en November opsommings bevat al die opsommings van hierdie Junie en November vraestelle. M.a.w. as jy dit ken, verstaan en kan toepas dan is jy reg vir die eksamen.
7. Moet asseblief nie onnodig print nie. Probeer hiermee werk sonder om te print, dit sal ongelooflik wees vir die omgewing (en jou gatsak – ink en papier is duur).
8. Hierdie is vorige skool en departementele vraestelle wat verniet beskikbaar is op die internet. Dit beteken dat daar foute is in die memos maar dat dit reg is in die video’s. Dit beteken ook jy kan hierdie pdf deel maar nie verkoop nie (jy het nie hierdie pdf by ons gekoop nie – maar die video’s).
9. Jy gaan die meeste baat vind by hierdie program as jy die vraestelle uitwerk asof jy in ’n eksamen sit (in die voorgeskrewe tyd en sonder hulp van jou handboek). Merk dit dan met die memos en kyk laastens die video’s van die vrae wat jy nie verstaan nie.

10. Die Video's is beskikbaar op ons webblad: PolyMathic waar jy die betaling gemaak het. Gebruik die epos en Password wat jy gebruik het met "signup" om in te teken, gaan dan na "dashboard" en laastens klik jy op die "course".
11. Ek maak ook foute – daar is definitief foute wat deurglip. As jy dink iets is nie reg nie – kontak my! Jy het my nommer. Of klik op "questions and answers" op die kursus en laat weet my so.
12. Die belangrikste van alles kragtens jou subskripsie. Jy subskripsie hardloop van die dag wat jy gekoop het, tot die dag wat jy hom self kanselleer. Aan die einde van die jaar verwyder ek jou van die graad waarop jy tans is en plaas ek jou op die volgende graad. As jy kies om nie die subskripsie te stop deur die loop van jou skoolloopbaan nie moet jy steeds onthou om hom te stop aan die einde van Gr12 anders gaan jy verewig aanhou betaal!
13. As enigiets nie werk soos dis moet nie (bv. 'n video wil nie speel nie) laat weet my op WhatsApp of direk op die kursus. Moet asb. nie 'n Facebook comment gaan los iewers nie – dis onmoontlik om by hulle almal uit te kom.

Indeks

Hierdie indeks is net 'n verwysing om jou 'n idee te gee van waar wat in die pdf is. Die bladsye is nie genummer nie so dis net 'n aanduiding. Elke afdeling het wel 'n groot opskrif en elke vraestel het 'n bladsy wat aandui dat dit 'n nuwe vraestel is.

1. Voor hierdie blad is die instruksies vir hierdie PDF, asook die video's. **Dis onmenslik belangrik dat jy daardie instruksies aandagtig deurlees.**
2. Temas vir Junie
3. Opsommings vir Junie
4. Junie-eksamen (tipiese) Formuleblad
5. Junie-eksamen (tipiese) Instruksies en Inligting blad
6. Vraestelle en Memos vir Junie eksamen.
7. Temas vir November
8. Opsommings vir November
9. November-eksamen (tipiese) Formuleblad
10. November-eksamen (tipiese) Instruksies en Inligting blad
11. Vraestelle en Memos vir November eksamen.

Temas Junie

Temas dui, in tabelvorm, presies uit watter afdelings elke vraestel bestaan. Dit behoort jou te wys hoe eenders vraestelle eintlik is. Die regte nut is by die volgende: veronderstel jy gebruik hierdie pakket **nie voor 'n eksamen nie** en jy moet studeer vir 'n klastoets wat net oor bv. Newton se 1ste wet handel. Dan kan jy presies daardie werk kom oefen sonder te soek vir die relevante vrae.

Junie Vraestelle

	Vraestel 1	Vraestel 2	Vraestel 3
Vraag 1	Monkey Puzzle	Monkey Puzzle	Monkey Puzzle
Vraag 2	Gewig hang aan meer as 1 tou	Resulterende krag op asse	Gewig hang aan meer as 1 tou
Vraag 3	Krag (Helling: Wrywing)	Gewig hang aan meer as 1 tou	Krag (Helling: Wrywing)
Vraag 4	Krag (2 voorwerpe - spanning, 2de wet)	"Ondersoek - versnelling"	Krag (2 voorwerpe - spanning, 2de wet)
Vraag 5	Krag (2de wet, 3de wet)	Krag (2 voorwerpe - spanning, 2de wet)	Krag (2 voorwerpe - spanning, 2de wet)
Vraag 6	Universele Gravitاسie	Universele Gravitاسie	Universele Gravitاسie
Vraag 7	Ligbreking	Huygens se beginsel - diffraksie	Ligbreking
Vraag 8	Ligbreking (interne weerkaatsing)	Ligbreking	Ligbreking
Vraag 9	Huygens se beginsel - diffraksie	Ligbreking (interne weerkaatsing)	Huygens se beginsel - diffraksie
Vraag 10			Ligbreking (interne weerkaatsing)

	Vraestel 4	Vraestel 5
Vraag 1	Monkey Puzzle	Monkey Puzzle
Vraag 2	Resulterende krag: Praktiese Voorbeeld	Resulterende krag op asse
Vraag 3	Krag (2 voorwerpe - spanning, 2de wet)	Krag (Helling: Wrywing)
Vraag 4	Universele Gravitاسie	Krag (2 voorwerpe - spanning, 2de wet)
Vraag 5	Ligbreking en Interne weerkaatsing	Universele Gravitاسie
Vraag 6	Ladings	Ligbreking en Interne weerkaatsing
Vraag 7		Ligbreking en Diffraksie
Vraag 8		Huygens se beginsel - diffraksie

Die hoof temas wat behandel word in die Gr11 Junie-eksamen is:

- Krag (Gewoonlik 4 Vrae).
 - Die eerste vraag is gewoonlik 'n voorwerp wat aan meer as een tou hang of kragte op 'n cartesiese vlak
 - Daar is normaalweg 'n vraag spesifiek oor statiese/kinetiese wrywing maar dit word soms in die ander vrae ingewerk
 - Daar is altyd 'n vraag oor twee voorwerpe wat aan mekaar verbind is, dit kan op 'n plat of skuins oppervlak wees, oor katrolle of beide. Hierdie vrae kan Newton se 1ste, 2de en 3de wet bevat.
- Newton se wet: Universele Gravitاسie
- Ligbreking word gewoonlik in een of twee vrae gedek waar die 2de vraag spesifiek interne weerkaatsing toets.
- Huygens se beginsel (Diffraksie)
- Ander: Soms word ladings al in Junie gevra en daar word hier en daar 'n ondersoek vrag ingewerk.

Junie - Opsommings

Hierdie is opsommings van die vraestelle in hierdie pakket. M.a.w. uit 5 vorige Junie vraestelle is hierdie die leerwerk, definisies en probleme wat jy moet kan oplos. Ons bring video opsommings hiervan uit maar dis nog nie reg, op die stadium nie. As dit betyds reg is, sal ek dit direk vir julle aanstuur. Leerders MOET Graad 10 werk goed onder die knie hê. Langs elke bullet staan, waar in die vraestelle 'n soortgelyke vraag gevind kan word. Bv. [V13(2.2) ; V18(1.1 ; 1.5)] beteken dat 'n voorbeeld gevind kan word in **Vraestel 13 – Vraag 2.2** ; **Vraestel 18 – Vraag 1.1 en Vraag 1.5**

Afdeling 1 – Krag (Newton 1 tot 3)

Definisies:

- Wrywingskrag: Die kontakkrage wat tussen twee oppervlaktes ontstaan om die beweging teen te staan. [V1(3.1) ; V3(3.1)]
- Newton 1ste wet: 'n Voorwerp sal in 'n toestand van rus bly of teen 'n konstante snelheid beweeg tensy 'n resulterende (nie-nul) krag op die voorwerp inwerk. [V3(4.7) ; V4(2.3 ; 3.1.2)]
- Newton 2de wet: Indien 'n nie-nul resulterende krag op 'n voorwerp inwerk sal die voorwerp versnel in die rigting van die resulterende krag. Die versnelling is direk eweredig aan die resulterende krag en omgekeerd eweredig aan die massa van die voorwerp. [V1(4.1) ; V3(4.1) ; V4(3.2.2) ; V5(3.3)]
- Newton 3de wet: Indien 'n voorwerp 'n krag op 'n ander voorwerp uitoefen sal die ander voorwerp 'n krag van dieselfde grootte maar in die teenoorgestelde rigting op die eerste voorwerp uitoefen [V1(5.4) ; V3(5.3)]
- Resulterende/Netto krag: Die vektorsom van al die kragte wat op 'n voorwerp inwerk [V2(2.1) ; V5(2.3)]
- Ewig: Geen resulterende krag ($F_R = 0$) wat op voorwerp inwerk, die voorwerp bly in 'n toestand van rus of beweeg teen 'n konstante snelheid. [V2(3.1) ; V3(2.1)]
- Normale krag: Die krag wat deur die oppervlakte op 'n voorwerp wat in kontak met die oppervlakte is, uitgeoefen word. Die krag is loodreg vanaf die oppervlakte. [V2(5.1)]

Konsepte:

- 'n Voorwerp beweeg onaangedrewe in die ruimte a.g.v. Newton se 1ste wet [V1(1.1)]
- Iets wat stilstaan of teen 'n konstante snelheid beweeg het geen resulterende krag nie [V1(1.2 ; 2.2) ; V4(2.2)]
- Wanneer twee voorwerpe bots, oefen hulle dieselfde grootte krag op mekaar uit [V1(1.4)]
- Skaal in 'n hysbak. 6 Opsies (Skaal lesing reg: hysbak beweeg nie of beweeg teen 'n konstante snelheid, Skaal lesing hoër: hysbak beweeg op en versnel vinniger of hysbak beweeg af en breek, Skaal lesing laer: hysbak beweeg op en breek of beweeg af en versnel vinniger). [V1(1.8)]
- Verstaan dat, omdat: $F_k = \mu_k \cdot N$ sal die wrywing afneem/toeneem soos die hoek van die toegepaste krag/oppervlakte verander. [V1(3.4)]
- Wanneer iets van 'n helikopter af, hang veroorsaak die wind van die rotorlemme 'n afwaartse krag (windweerstand). [V1(5.2)]
- Aksie reaksie pare is Newton se 3de wet, die twee voorwerpe moet gewoonlik in kontak wees met mekaar [V1(5.5 ; 5.6) ; V2(1.8 ; 6.2) ; V3(4.9 ; 5.4) ; V4(3.1.1) ; V5(4.1.2)]
- Nie-kontak kragte is kragte wat op iets uitgeoefen word sonder kontak bv. elektromagnetisme en gravitasiekrag. [V2(1.1)]
- Voorwerpe in 'n ander voorwerp (soos 'n voertuig) beweeg agtertoe as die voertuig vorentoe versnel en vice-versa [V2(1.2) ; V3(1.10)]
- Verstaan dat kragte in dieselfde rigting bymekaar getal kan word en vice-versa. Dit beteken die resulterende krag is groter as die hoek tussen die kragte kleiner is [V1(1.5) ; V3(1.2) ; V4(1.2 ; 3.2.5)]
- Normaalkrag is altyd loodreg op die oppervlakte [V3(1.1)]
- Wrywingskoeffisiënt is slegs afhanklik van die oppervlaktes [V4(1.1)]
- Statiese wrywing is die term wat gebruik word wanneer voorwerpe stilstaan terwyl kinetiese wrywing die term is wat ons gebruik as die voorwerp beweeg [V4(3.1.3)]

- Die gevoel van gewigloosheid word ervaar wanneer die enigste kragte wat op 'n persoon inwerk nie-kontak kragte is. [V5(1.5)]

Moet kan doen/somme:

- Vektor diagramme moet geskets kan word [V1(1.5 ; 2.1) ; V2(3.1)]
- Vryeliggaamsdiagramme moet geskets kan word [V1(3.2 ; 5.1) ; V2(5.2) ; V3(2.2 ; 4.2) ; V5(3.1)]
- Moet kinetiese wrywing kan bepaal wanneer Normaalkrag verander a.g.v. helling [V1(1.7)]
- Bepaal resulterende krag of onbekende krag (grootte en/of rigting) wanneer ander kragte gegee is [V1(2.4 ; 5.3) ; V2(2.2 ; 3.3) ; V3(1.4 ; 2.3 ; 2.4) ; V4(2.4 ; 2.5 ; 2.6) ; V5(4.1.1)]
- Resulterende krag van F_x en F_y af: $F_R^2 = F_x^2 + F_y^2$, rigting kan bepaal word met $\tan\theta$ [V2(2.2) ; V5(1.3 ; 2.4)]
- Moet x en y komponente van 'n krag kan bepaal [V5(2.1 ; 2.2)]
- Vektor diagramme moet gemanipuleer kan word: leerder moet verstaan dat die gegewe hoek gebruik kan word om die x en y komponente te bereken [V1(2.4)]
- Bereken die Normaalkrag/Wrywing of wrywingskoëffisiënt ($F_k = \mu_k \cdot N$) [V1(3.3 ; 4.2.2) ; V2(5.4.1) ; V3(3.2 ; 3.3 ; 5.2) ; V4(3.2.1) ; V5(1.1 ; 1.6 ; 3.2)]
- Verstaan dat die wrywings krag gelyk is aan die produk van die wrywingskoëffisiënt en die normale krag wat beteken dat wrywingskrag beïnvloed word deur die oppervlakte (koëffisiënt verander) asook massa en hoek van toegepaste krag (normaalkrag verander) [V5(1.4)]
- Bereken Normaalkrag as die oorblywende krag in die rigting loodreg relatief tot die oppervlakte. Moet gewig en toegepaste krag gebruik [V3(4.6)]
- Moet twee vergelykings kan opstel wanneer twee voorwerpe verbind is met 'n tou om gelyktydig op te los vir versnelling en die spanning in die tou. [V1(4.2.1) ; V2(1.10 ; 5.4.2 ; 5.4.3) ; V3(4.3 ; 4.4 ; 5.1) ; V4(3.2.3 ; 3.2.4) ; V5(4.1.3)]
- Resulterende krag gebruik om versnelling te bepaal en vice-versa $F = m \cdot a$ [V3(1.7 ; 1.8) ; V4(1.4) ; V5(3.4)]
- Bepaal resulterende kragte in hysbak [V5(4.2.1 ; 4.2.2)]

Afdeling 2 – Universele Gravitasiwewet (Newton)

Definisies:

- Universele Gravitasiwewet: Elke voorwerp in die heelal trek elke ander voorwerp in die heelal aan met 'n krag wat direk eweredig is aan die produk van die massas van die voorwerpe en omgekeerd eweredig is aan die kwadraat van die afstand tussen die massa-middelpunte van die voorwerpe [V1(6.1) ; V2(6.1) ; V3(6.1) ; V4(4.1.1) ; V5(5.1)]

Konsepte:

- 'n Voorwerp wat tussen 2 ander voorwerpe is ervaar aantrekkingskrag van beide en gaan dus op 'n sekere posisie $F_r = 0$ ervaar. [V1(6.2)]
- Iemand in die ruimte lyk gewigloos omdat hy so vêr van enige planete is dat die aantrekkingskrag van die planete gevolglik so klein is dat dit hom nie affekteer nie [V1(6.4)]

Moet kan doen/Somme:

- Die vergelyking $F = Gm_1m_2/r^2$ kan manipuleer om F te bepaal as m of r verander [V1(1.6 ; 6.6) ; V2(1.7 ; 6.5) ; V3(1.5 ; 6.3) ; V4(1.3 ; 4.1.3) ; V5(5.4)]
- Vergelyking gebruik vir grafieke en vice-versa [V1(1.9)]
- Pas die vergelyking toe om op te los vir enige onbekendes [V1(6.3) ; V2(6.4) ; V4(4.1.2) ; V5(5.2)]
- Verstaan dat as 'n persoon of 'n voorwerp op 'n planeet is, kan die radius van die planeet gebruik word as die afstand tussen hulle. [V1(6.5)]
- As meer as een voorwerp in ag geneem word en hulle bly dieselfde afstand van mekaar dan is hulle in ewewig en kan ons onbekendes oplos deur $F_1 = F_2 = F_3 = \dots$ [V3(6.2)]
- Gravitasiëkrag (gewig) = $m \cdot g$ [V4(4.2.2)]
- Bewys (en pas toe) dat $g = GM/r^2$ [V3(6.4) ; V4(4.2.1) ; V5(5.3)]

Afdeling 3 – Ligbreking en totale interne weerkaatsing

Definisies:

- Ligbreking/refraksie: Die verandering van rigting van 'n ligstraal a.g.v. die verandering van spoed, soos dit van een medium beweeg na 'n ander medium. [V1(7.1) ; V2(8.1.2); V3(7.1); V4(5.1.2)]
- Totale interne weerkaatsing: wanneer 'n ligstraal van 'n optiese digter medium na 'n opties minder digte medium beweeg met 'n invalshoek wat groter is as die grenshoek en die ligstraal binne-in die digter medium weerkaats word. [V1(8.4)]
- Weerkaatsing: Bots by 'n grens [V1(1.3)]
- Kritieke/grenshoek: Invalshoek wat 'n brekingshoek van 90 grade tot gevolg het [V2(9.2) ; V3(10.1)]
- Snell se wet: Wanneer lig van een deurskynende medium na 'n ander beweeg is die verhouding tussen die invalshoek en die brekingshoek: $n_i \sin \theta_i = n_r \sin \theta_r$ [V4(5.4.1) ; V5(7.1.1)]

Konsepte:

- Lig breek na die normaal as die 2de stof digter is as die eerste en vice-versa [V1(1.10) ; 8.1) ; V4(5.2.2)]
- 'n Hoër brekingsindeks beteken die materiaal is opties-digter [V1(1.10)]
- Die voordeel van bekleding om optiese vesel is dat die brekingsindeks van die bekleding en optiese vesel na aan mekaar/naby mekaar is wat beteken die lig kan in 'n langer lyn beweeg voor interne weerkaatsing plaasvind. Dis a.g.v. die grenshoek wat groter word. [V1(8.6)]
- Die brekingshoek wanneer die invalshoek = grenshoek is 90 grade. [V1(1.3)]
- 'n Endoskoop (mediese instrument) en optiesevesel is voorbeelde van totale interne weerkaatsing [V1(1.4) ; V3(10.6) ; V4(5.5.1 ; 5.5.2)]
- Refraksie is wat veroorsaak dat iets wat in vlak water is gebuig/breek lyk [V2(8.1.1) ; V4(5.1.1)]
- Lig beweeg vinniger in 'n opties minder digte medium en vice-versa. Digter mediums se deeltjies is meer kompak en verlaag dus die spoed. [V2(8.3) ; 8.4) ; V3(7.5) ; V4(5.2.1)]
- Optiesevesel is beter as koper want dis goedkoper (word nie gesteel nie), moeiliker om data te steel, hoër oordrag spoed [V2(9.4)]
- Golf eienskappe van lig: Diffraksie, Ligbreking/refraksie, weerkaatsing [V5(1.8)]

Moet kan doen/Somme:

- Skets en benoem ligbreking (invalstraal, invalshoek, weerkaatste straal, weerkaatsingshoek gebreekte straal, brekingshoek, normaal) [V1(7.2) ; V2(8.2.1 ; 8.2.3) ; V3(7.2 ; 7.3 ; 7.4); V4(5.3) ; V5(1.7 ; 6.1.1 ; 6.1.2)]
- Die "ondersoekende vraag" val gewoonlik in die afdeling. Moet kan skets vanaf tabel en vice-versa, moet met helling die brekingsindeks kan bepaal ens. [V1(7.3 tot 7.6) ; V3(8.3) ; V5(7.1.2)]
- Moet Snell se wet kan toepas en manipuleer $n_i \sin \theta_i = n_r \sin \theta_r$ [V1(8.2) ; V2(8.2.2) ; V3(8.1 ; 8.2) ; V4(5.4.2) ; V5(6.1.3 ; 7.1.3)]
- Skets pad van interne weerkaatsing [V1(8.3)]
- Moet grenshoek kan bereken deur te verstaan dat die grenshoek is die invalshoek wat 'n brekingshoek van 90 gee. [V1(8.5) ; V2(9.3.1) ; V3(10.2) ; V5(6.2.2)]
- Spoed van lig in 'n medium kan bereken met $n = c/v$ [V2(9.3.2) ; V5(1.9)]
- Toestande vir totale interne weerkaatsing: van opties meer dig na opties minder dig en invalshoek > grenshoek [V2(9.1) ; V3(10.3 ; 10.4 ; 10.5) ; V4(1.6 ; 5.5.3) ; V5(6.2.1)]
- $C = \text{golflengte} \times \text{frekwensie}$: tydens refraksie verander die spoed maar die frekwensie bly konstant. Dus sal die golflengte verandering direk eweredig wees aan die spoed. Moet ook vergelyking kan gebruik [V5(1.10) ; 6.1.4)]

Afdeling 4 – Diffraksie (Huygens se beginsel)

Definisies:

- Huygens se beginsel: Elke punt op 'n golffront reageer as die bron van sekondêre golfies wat in alle rigtings met dieselfde spoed as die golf versprei. [V1(9.1) ; V2(7.2)]
- Diffraksie: Die vermoë van 'n golf om in golffront uit te spreid soos dit deur 'n spleet of om 'n skerp hoek beweeg [V2(7.1) ; V5(8.1)]

- Monochromatiese lig: 'n Ligstraal wat net uit een golflengte of frekwensie bestaan [V3(9.1)]

Konsepte:

- Verstaan dat 'n groter spleet, minder diffraksie sal veroorsaak wat die helder band kleiner maak en vice-versa [V1(9.5) ; V2(7.5.1 ; 8.3.2 ; 8.3.3)]
- Verstaan dat lig met 'n korter golflengte diffraksie laat afneem (en gevolglik die helder band kleiner maak) en vice-versa (moet ook weet dat blou lig 'n korter golflengte as rooi lig het [V2(7.5.2) ; V3(9.3.5) ; V5(7.2 ; 8.3.1)])
- Die helder bande word gevorm a.g.v. Konstruktiewe interferensie terwyl die dowwer bande gevorm word a.g.v. Destruktiewe interferensie. [V2(7.4) ; V3(1.6) ; V5(8.2.2)]

Moet kan doen/Somme:

- Skets die diffraksie-patroon [V1(9.4)]
- Moet diffraksie patroon kan beskryf (Helder breë sentrale kleurband afgewissel deur swart/donker en helde bande wat al hoe dowwer raak na die kante toe) [V2(7.3) ; V3(9.1) ; V5(8.2.1)]

Afdeling 5 – Ladings

Definisies:

- Coulomb se wet: Die grootte van die elektrostatische krag wat een puntlading op 'n ander puntlading uitoefen is direk eweredig aan die produk van die groottes van die ladings en omgekeerd eweredig aan die kwadraat van die afstand tussen die puntladings [V4(6.1)]
- Elektriese veldsterkte: Grootte van die elektromagnetiese krag wat in 'n elektromagnetiese veld ondervind word [V4(6.7)]

Konsepte:

- Teenoorgestelde ladings trek mekaar aan en vice-versa [V4(6.10)]
- Slegs elektrone vloei – verstaan dat elektrone van negatief na positief beweeg. [V4(6.4)]

Moet kan doen/Somme:

- Die vergelyking $F_E = kq_1q_2/r^2$ kan manipuleer om F te bepaal as q of r verander [V4(1.7 ; 1.8)]
- Gebruik $F_E = kq_1q_2/r^2$ en manipuleer die formule om enige onbekendes te bepaal [V4(6.2 ; 6.6)]
- Skets veldpatroon tussen twee sferes [V4(9.5)]
- Skets vrye kragtediagram by 'n punt [V4(6.8)]
- Bepaal netto krag by 'n sekere punt deur bogenoemde vergelyking toe te pas vir elke lading wat 'n krag op die punt uitoefen [V4(6.9)]
- $Q = (Q_1+Q_2)/2$ (Lading nadat hulle raak) [V4(6.3)]

Ander (Vrae wat in enige afdeling voor kan kom)

- Formuleer die doel: Om die verwantskap te bepaal (as twee goed verander word) of om twee goed te vergelyk. [V2(4.2) ; V3(9.3.4)]
- Gekontroleerde veranderlike: Ons kies hom om (gewoonlik) konstant te bly [V2(4.1.3) ; V3(9.3.3)]
- Onafhanklike veranderlike: Ons kies hoe ons hom verander [V2(4.1.2) ; V3(9.3.1)]
- Afhanklike veranderlike: Hy verander soos ons die ander veranderlike verander [V2(4.1.1) ; V3(9.3.2)]
- Moet eenhede baie goed ken/manipuleer en verstaan dat ek bv. V. Kan voorstel as J/C.
- Moet vergelykings en grafieke kan interpreteer om te verstaan wanneer twee goed eweredig/omgekeerd eweredig is en wat dit dan beteken. [V2(4.4)]
- 'n Vektor is iets met grootte en rigting bv. krag, versnelling, snelheid [V3(1.3)]
- Leerders moet steeds Gr10 werk kan toepas soos bewegingsvergelings [V3(4.5)]

Formuleblad

GEGEWENS VIR FISIESE WETENSKAPPE GRAAD 11 VRAESTEL 1 (FISIKA)

TABLE 1: PHYSICAL CONSTANTS / TABEL 1: FISIESE KONSTANTES

NAME/NAAM	SYMBOL/SIMBOOL	VALUE/WAARDE
Acceleration due to gravity <i>Swaartekragversnelling</i>	g	9,8 m·s ⁻²
Gravitational constant <i>Swaartekragkonstante</i>	G	6,67 x 10 ⁻¹¹ N·m ² ·kg ⁻²
Radius of Earth <i>Straal van Aarde</i>	R _E	6,38 x 10 ⁶ m
Coulomb's constant <i>Coulomb se konstante</i>	K	9,0 x 10 ⁹ N·m ² ·C ⁻²
Speed of light in a vacuum <i>Spoed van lig in 'n vakuum</i>	c	3,0 x 10 ⁸ m·s ⁻¹
Charge on electron <i>Lading op elektron</i>	e	-1,6 x 10 ⁻¹⁹ C
Electron mass <i>Elektronmassa</i>	m _e	9,11 x 10 ⁻³¹ kg
Mass of the earth <i>Massa van die Aarde</i>	M	5,98 x 10 ²⁴ kg

TABLE 2: FORMULAE / TABEL 2: FORMULES

MOTION / BEWEGING

$v_f = v_i + a \Delta t$	$\Delta x = v_i \Delta t + \frac{1}{2} a \Delta t^2$
$v_f^2 = v_i^2 + 2a \Delta x$	$\Delta x = \left(\frac{v_f + v_i}{2} \right) \Delta t$

FORCE / KRAG

$F_{\text{net}} = ma$	$w = mg$
$F = \frac{Gm_1m_2}{r^2}$	$\mu_s = \frac{f_{s(\text{max})}}{N}$
$\mu_k = \frac{f_k}{N}$	

WAVES, SOUND AND LIGHT / GOLWE, KLANK EN LIG

$v = f \lambda$	$T = \frac{1}{f}$
$n_i \sin \theta_i = n_r \sin \theta_r$	$n = \frac{c}{v}$

ELECTROSTATICS / ELEKTROSTATIKA

$F = \frac{kQ_1Q_2}{r^2}$ (k = 9,0 x 10 ⁹ N·m ² ·C ⁻²)	$E = \frac{F}{q}$
$E = \frac{kQ}{r^2}$ (k = 9,0 x 10 ⁹ N·m ² ·C ⁻²)	$V = \frac{W}{Q}$

ELECTROMAGNETISM / ELEKTROMAGNETISME

$\varepsilon = -N \frac{\Delta \Phi}{\Delta t}$	$\Phi = BA \cos \theta$
---	-------------------------

CURRENT ELECTRICITY / STROOMELEKTRISITEIT

$I = \frac{Q}{\Delta t}$	$R = \frac{V}{I}$
$\frac{1}{R} = \frac{1}{r_1} + \frac{1}{r_2} + \frac{1}{r_3} + \dots$	$R = r_1 + r_2 + r_3 + \dots$
$W = Vq$	$P = \frac{W}{\Delta t}$
$W = VI \Delta t$	$P = VI$
$W = I^2 R \Delta t$	$P = I^2 R$
$W = \frac{V^2 \Delta t}{R}$	$P = \frac{V^2}{R}$

Instruksies en Inligting

Hierdie is min of meer hoe die instruksies vooraan elke vraestel lyk.

LEES DIE BLAD OP JOU AMPTELIKE VRAESTEL AANDAGTIG DEUR! Dit gaan waarskynlik effens verskil van die een.

Tyd: 2:30 tot 3:00 (min of meer)

Punte: 120 tot 150

Aantal bladsye en beskrywing

1. Skryf jou naam op die antwoordboek wat voorsien is.
2. Hierdie vraestel bestaan uit "x" vrae. Beantwoord ALLE vrae in die antwoordboek behalwe Vraag "y" wat op die grafiekpapier wat verskaf is beantwoord moet word. Vul jou naam in die aangeduide spasie bo-aan die grafiekpapier in.
3. Begin elke vraag op 'n nuwe bladsy
4. Nommer die antwoorde PRESIES soos in die vraestel
5. Los 'n lyn oop tussen opeenvolgende vrae.
6. 'n Nie-programmeerbare sakrekenaar w=mag gebruik word.
7. Jy mag toepaslike Wiskunde instrumente gebruik
8. Gebruik jou formuleblad!
9. Toon alle formules, vervangings en stappe
10. Rond alle antwoorde af tot 'n minimum/maksimum van "z" desimale plekke. (Gewoonlik minimum van 2 maar kan verskil).
11. Gee kort motiverings waar nodig
12. Skryf netjies en leesbaar

PolyMathic

Vraestel I

Mei/Junie

Eksamen

PolyMathic

AFDELING A


VRAAG 1: MEERVOUDIGEKEUSE-VRAE

Vier opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Elke vraag het slegs EEN korrekte antwoord. Skryf slegs die letter (A – D) langs die vraagnommer (1.1 – 1.10) in die ANTWOORDBOEK neer, byvoorbeeld 1.11 D.

1.1 Watter EEN van Newton se wette sal in beheer wees wanneer 'n ruimtetuig deur die ruimte beweeg sonder die gebruik van brandstof?

- A Newton se Eerste Wet
- B Newton se Tweede Wet
- C Newton se Derde Wet
- D Newton se Wet van Universele Gravitاسie (2)

1.2 'n Speelgoedmotortjie met 'n gewig van 30 N beweeg teen 'n **konstante snelheid**, op 'n reguit, gelyke pad met 'n rowwe oppervlak. Die enjin oefen 'n krag van 50 N op die motor uit. Watter een van die volgende gee die resulterende krag op die motor?



- A 50 N na regs
- B 50 N na links
- C 0 N
- D 30 N (2)

1.3 Die beste definisie vir weerkaatsing is ...


- A die verandering van rigting wanneer 'n grens oorgesteek word.
- B die verandering in spoed by die grens.
- C die oorsteek kruising van 'n grens
- D die bots van 'n grens. (2)

1.4 'n Motor, massa m , bots kop-aan-kop met 'n vragmotor met 'n massa van $2m$. Indien die motor 'n krag met 'n grootte F , op die vragmotor uitoefen gedurende die botsing, sal die grootte van die krag wat die trek op die motor uitgeoefen is, ... wees.





- A $\frac{1}{2} F$
- B F
- C $2 F$
- D $4 F$

(2)

1.5 Twee kragte werk in op 'n krat om dit na links te trek. Die krat lê op 'n wrywinglose oppervlak, soos aangetoon in die diagram.




Watter vektordiagram toon die korrekte wyse aan, waarop die resulterende krag R , wat op die krat inwerk, bepaal kan word?




(2)





- 1.6 Die gravitasiekrag F , wat twee identiese metaalsfere, elk met massa M en afstand x uitmekaar is, word deur die volgende diagram voorgestel.



Twee ander metaalsfere met massas van onderskeidelik, M en $3M$ is 'n afstand $\frac{1}{2}x$ uitmekaar.




Watter EEN van die volgende diagramme verteenwoordig die nuwe kragte wat die laaste twee sfere op mekaar sal uitoefen?



(2)

- 1.7 'n Krat beweeg teen 'n **konstante snelheid** v oor 'n horisontale oppervlak AB, waarna dit teen 'n helling BC afgly. Die koëffisiënt van kinetiese wrywing is dieselfde vir beide oppervlaktes AB en BC.




Watter EEN van die volgende stellings is korrek?

- A $f_k(\text{helling}) < f_k(\text{horisontaal})$
- B $f_k(\text{helling}) > f_k(\text{horisontaal})$
- C $f_k(\text{helling}) = f_k(\text{horisontaal})$
- D $\mu_k N(\text{helling}) > \mu_k N(\text{horisontaal})$ (2)


- 1.8 'n Meisie, massa 50 kg, staan op 'n badkamerskaal in 'n hysbak. Die lesing op die skaal is 560 N, dus ...

- A beweeg die hysbak opwaarts met 'n konstante snelheid.
- B beweeg die hysbak opwaarts met 'n konstante versnelling.
- C beweeg die hysbak afwaarts met 'n konstante snelheid.
- D beweeg die hysbak afwaarts met 'n konstante versnelling.



(2)

- 1.9 Die gegewe grafiek toon die verwantskap tussen die gravitasiekrag en die massa van 'n voorwerp naby aan die oppervlak van die aarde.




Die gradiënt van die grafiek verteenwoordig die ...

- A massa van die aarde.
- B radius van die aarde.
- C gravitasie versnelling van die aarde.
- D gewig van die voorwerp.

(2)

- 1.10 Wanneer 'n ligstraal beweeg vanaf sirkoon ($n = 1,923$) na fluoriet ($n = 1,434$) met 'n invalshoek van 60° , is die pad wat dit volg ...




- A parallel aan die normale.
- B intern gereflekteer in die sirkoon.
- C gebreek na die normaal toe.
- D gebreek weg van die normaal af. (2)

TOTAAL AFDELING A: (10x2) [20]

AFDELING B

VRAAG 2: (BEGIN OP 'N NUWE BLADSY)

Oppad huis toe na skool is 'n leerder deur swaar reën oorval. By die huis aangekom, maak hy sy rugsak leeg en hang dit aan 'n wasgoeddraad tussen twee vertikale pale. Die sak bly in ewewig. Hy sien dat die hoek tussen die wasgoedlyn en paal B 50° is. Met verdere ondersoek vind hy dat die krag in die wasgoeddraad tussen paal A en sy rugsak $7,51\text{ N}$ is, soos aangetoon in die diagram hieronder:




- 2.1 Teken 'n vektordiagram van al die kragte wat op die rugsak inwerk en toon ten minste een hoek aan. (4)
- 2.2 Skryf die grootte van die resulterende krag wat op die rugsak inwerk neer. (2)
- 2.3 Noem en verduidelik die beginsel wat jy gebruik het om vraag 2.2 te beantwoord. (2)
- 2.4 Bereken die massa van die "nat rugsak" as die krag tussen die sak en wasgoedpaal A $7,51\text{ N}$ is. (5)
- 2.5 Wanneer die sak heeltemal droog is, trek die wasgoedlyn styf (raak meer horisontaal) Hoe sal die grootte van die krag in F_B verander? Beantwoord slegs GROTER AS, GELYK AAN of KLEINER AS. (2)

[15]

VRAAG 3: (BEGIN OP 'N NUWE BLADSY)

Die Nasionale Bouregulasies beveel aan dat die spesifikasies vir trollie en rolstoel opritte 'n minimum van 6 m in lengte en 'n hoek van $4,76^\circ$ moet hê. Die gesamentlike massa van die trollie en die inhoud daarvan is 80 kg. Die koëffisiënt van statiese wrywing tussen die wiele van die trollie en die oprit is 0,1 wat daal tot 0,09 sodra die trollie begin beweeg.




- 3.1 Definieer die term **statische wrywing**. (2)
- 3.2 Teken 'n vryliggaamdiagram van al die kragte wat op die trollie inwerk. (3)
- 3.3 Terwyl die trollie bo-aan die oprit is:
- 3.3.1 Bereken die normale krag. (3)
 - 3.3.2 Bereken die maksimum krag van die statiese wrywing. (2)
 - 3.3.3 Verduidelik met behulp van 'n berekening, of die trollie vanself teen die helling sal afbeweeg. (4)
- 3.4 As die oprit langer as 6 m is, word 'n minder steil helling vereis. Vir 'n oprit met 'n minder steil helling, sê of die volgende sal **toeneem**, **afneem** of **dieselfde bly**.
- 3.4.1 Die hoek van die oprit (1)
 - 3.4.2 Die koëffisiënt van wrywing (1)
 - 3.4.3 Die kinetiese wrywingskrag (1)
 - 3.4.4 Verwys na 'n geskikte Fisika-beginsel, wet of vergelyking(s) om jou antwoord in Vraag 3.4.3 te verduidelik. (2)

[19]

VRAAG 4: (BEGIN OP 'N NUWE BLADSY)

Twee identiese houtkrate van gelyke massas, A en B word deur middel van 'n tou aanmekaar gebind en word gebruik om wortels op 'n plaas te oes en na die stoor te neem. Elke krat het 'n massa van 15 kg en hulle word gesleep oor 'n growwe oppervlak met 'n krag van ~~250~~⁵⁰ N op krat B wat 'n hoek van 25° met die horisontaal vorm. Daar is 'n wrywingskrag van 11 N wat inwerk op elke krat.




- 4.1 Skryf Newton se tweede wet van beweging in woorde neer. (2)
- 4.2 Bereken die ...
- 4.2.1 grootte van die spanning in die tou. (8)
- 4.2.2 koëffisiënt van kinetiese wrywing op krat B. (4)
- 4.3 As 'n 2 kg sak wortels op krat B gelaai word sonder dat enige ander verandering aangebring word, verduidelik wat met die sisteem gaan gebeur. (3)

[17]

VRAAG 5: (BEGIN OP 'N NUWE BLADSY)

Die akteur, Christian Bale, het sy gevaarlikste waagtoertjie in die fliek, "Rescue Dawn" uitgevoer. Bale moes onderaan 'n helikopter, massa 2 ton, hang terwyl hy opgehys word vanaf 'n oop ruimte in die bos. Die stelsel, wat bestaan uit die helikopter en Bale wat bewegingloos hang, word hieronder voorgestel:




Die massa van Bale is 80 kg. Tou A verbind Bale aan die helikopter en daar is 'n spanning van 920 N in die tou. Die tou kan nie rek nie en die massa van die tou kan geïgnoreer word.

- 5.1 Teken 'n vryliggaamdiagram van al die kragte wat op Bale inwerk. (3)
- 5.2 Hoe is dit moontlik dat Bale op een plek kan bly hang ten spyte van die spanning in die tou wat groter is as sy gewig? (2)
- Nadat hulle uit die bos uit beweeg het, word Bale met behulp van 'n wenas (winch) binne die helikopter, laat sak in 'n boot in. Bale beweeg afwaarts met 'n versnelling van $0,18 \text{ ms}^{-2}$ terwyl die helikopter in posisie bly, met die rotorlemme wat steeds teen dieselfde spoed beweeg.
- 5.3 Bereken die spanning in die tou terwyl Bale laat sak word. (5)
- 5.4 Stel Newton se derde wet van beweging. (2)
- 5.5 Identifiseer 'n aksie-reaksie kragte paar op Bale. (2)
- 5.5 Dui die krag van Bale op die tou aan. (1)

[15]


VRAAG 6: (BEGIN OP 'N NUWE BLADSY)

Apollo 11, 300 kg, was die eerste bemande ruimtetuig om na die maan te reis en op die maan te land. Die Aarde het 'n massa van $6,0 \times 10^{24}$ kg terwyl die massa van die Maan $7,3 \times 10^{22}$ kg is.



- 6.1 Definieer *Newton se Universele Wet van Gravitاسie*. (2)
- 6.2 Op 'n sekere posisie tussen die Aarde en die Maan sal Apollo 11 'n zero resulterende krag ondervind. Verduidelik hoe dit moontlik is. (2)
- 6.3 Bereken die grootte van die gravitasiekrag wat Apollo 11 by punt B, soos hierbo in die skets, sal ondervind. (5)
- 6.4 'n Ruimtevaarder moet op 'n ruimtewandeling gaan om herstelwerk te doen. Waarom lyk dit of hy gewigloos is? (2)

Curiosity is 'n robottuig van min of meer dieselfde grootte as 'n motor wat die Gale-krater op Mars verken as deel van NASA se Mars navorsingslaboratorium-missie. Die tuig is eers op die maan getoets.




Curiosity het 'n massa van 899 kg wat omtrent 80 kg se wetenskaplike instrumente insluit. Die tuig is 2.9 m lank, 2.7 m wyd en 2.2 m hoog.

- 6.5 As die maan 'n massa van 600×10^{21} kilogram en 'n radius van 1 737 km kilometres het, wat is die gewig (gravitasiekrag) wat *Curiosity* op die oppervlak van die maan sal ondervind? (4)
- 6.6 Hoe sal die gravitasiekrag op *Curiosity* verander op 'n planeet met die helfte van die massa van die maan en 'n radius drie maal groter as die van die maan? (2)

[17]

VRAAG 7: (BEGIN OP 'N NUWE BLADSY)

Wanneer wit lig op 'n reghoekige prisma inskyn, gebeur die volgende:



- 7.1 Definieer *ligbreking*. (2)
- 7.2 Benoem die byskrifte **A**, **B** en **C**. (3)

In 'n eksperiment om Snell se wet te verifieer, het 'n leerder die invalshoek i en die brekingshoek r vir 'n ligstraal wat op die blok inval gemeet. Die eksperiment is 'n paar keer herhaal en die volgende verskillende invalshoeke en data is verkry.


i ($^\circ$)	30	40	50	55	60	65	70
$\sin i$	0,50	0,64	0,77	0,82	0,87	0,91	0,94
r ($^\circ$)	19	26	30	33	36	38	40
$\sin r$	0,33	0,44	0,50	0,54	0,59	0,62	0,64

- 7.3 Verduidelik waarom dit nodig was om die eksperiment soveel keer te herhaal. (2)
- 7.4 Teken 'n grafiek van $\sin i$ teenoor $\sin r$ op die grafiekpapier wat voorsien is. (5)
- 7.5 Verduidelik hoe die grafiek Snell se wet verifieer. (3)
- 7.6 Vanaf die grafiek bereken die brekingsindeks van die stof. (4)

[19]


VRAAG 8: (BEGIN OP 'N NUWE BLADSY)

'n Ligstraal beweeg vanaf lug in 'n optiese vesel met 'n brekingsindeks van 1,44 in.



- 8.1 In watter rigting sal die ligstraal gebreek word? (2)
- 8.2 As die invalshoek op die punt van die optiese vesel 22° is, wat sal die brekingshoek binne-in die vesel by punt A wees? (4)
- 8.3 Teken die diagram hierbo getoon, oor en skets die pad wat die ligstraal sal volg soos dit in die optiese vesel in beweeg by punt A. (3)

Die definisie van 'n optiese vesel is 'n dun buigbare kabel met 'n glaskern waardeur ligstraalseine gestuur kan word met byna geen verlies aan sterkte nie.



- 8.4 Definieer die term *Totale Interne Weerkaatsing*. (2)
- 8.5 Bereken die grenshoek van 'n optiese vesel ...
- 8.5.1 sonder die bekleding as die glas 'n brekingsindeks van 1.56 het. (3)
- 8.5.2 wanneer bekleding met 'n brekingsindeks van $n = 1.49$ gebruik word. (2)
- 8.6 Watter voordele het die gebruik van bekleding van 'n optiese vesel op die spoed van lig in die optiese vesel. (2)

VRAAG 9: (BEGIN OP 'n NUWE BLADSY)

- 9.1 Gee Huygen se beginsel. (2)
- 9.2 Beskryf hoe 'n transversale golf met 'n reguit golffront in 'n dam of swembad voortgebring kan word. (2)
- 9.3 Verduidelik hoe die golflengte van 'n golf verkort kan word. (2)

Die volgende diagram toon reguit watergolwe in 'n golftenk wat 'n klein gaping in 'n versperring nader. Die grootte van die opening is min of meer dieselfde as die golflengte van die golwe.



- 9.4 Teken die diagram oor en skets die diffraksiepatroon van die watergolwe wat deur die opening beweeg. (2)
- 9.5 Beskryf hoe die diffraksie patroon van die golwe wat deur die opening beweeg sal verander as die opening merkbaar vergroot word. Gebruik slegs: VERGROOT, VERMINDER en BLY DIESELFDE. (2)


[10]

TOTAAL AFDELING B 80

TOTAAL: 150

VRAAG 7.4:

$\sin i$



0

$\sin r$

EINDE


Memo

QUESTION 1 / VRAAG 1:

1.1	A	(2)
1.2	C	(2)
1.3	D	(2)
1.4	B	(2)
1.5	B	(2)
1.6	D	(2)
1.7	A	(2)
1.8	B	(2)
1.9	C	(2)
1.10	D	(2)
		[20]

QUESTION 2 / VRAAG 2:


2.1



(h'hoek ✓)

- ✓ F_g / w (lower case) and direction of arrow
 F_g / w (klein letter), rigting en pylpunt.
- ✓ T_A and direction correct
 T_A en rigting korrek
- ✓ T_B and direction correct
 T_B en rigting korrek
- ✓ an angle shown / 'n hoek aangetoon

OR / OF



of Kragte in ewewig (4)

$\therefore a = 0N \therefore F_{net} = ma = m(0) = 0N$ (2)

2.2 $F_{net} = 0N$ ✓✓

2.3 Forces are in equilibrium ✓ Newton's 1st law. ✓
Kragte is in ewewig ✓ Newton se Eerste wet ✓ (2)

2.4 OPTION 1 / OPSIE 1

OPTION 2 / OPSIE 2

$F_g^2 = T_A^2 + T_B^2$ ✓
 $(m \times 9,8)^2 = 7,51^2 + 6^2$ ✓

OR / OF

$\cos \theta = \frac{T_A}{F_g}$ ✓
 $\cos 40^\circ = \frac{7,51}{m \times 9,8}$ ✓

$\frac{T_{Ay}}{T_A} = \cos 40^\circ$
 $\therefore T_{Ay} = 7,51 \cos 40^\circ = 5,75N$ ✓

$m = \frac{9,6125}{9,8}$ ✓

$m \times 9,8 = 7,51 / \cos 40^\circ$

$\frac{T_{By}}{T_B} = \cos 50^\circ$
 $\therefore T_{By} = T_B \cos 50^\circ = 6 \cos 50^\circ = 3,856N$ ✓ (5)

$m = 1 \text{ kg}$ ✓

2.5 Decrease ✓✓
Verminder ✓✓

$\therefore F_g = T_{Ay} + T_{By}$
 $= 5,75 + 3,856$
 $= 9,6067N$ ✓ (2)


[15]

moor $m = \frac{F_g}{g}$
 $= \frac{9,6067}{9,8}$ ✓
 $= 0,98 \text{ kg}$ ✓

QUESTION 3 / VRAAG 3:

- 3.1 Frictional force: is a contact force ✓ that develops between two surfaces to oppose the motion. ✓
Wrywingskrag: is 'n kontakkrags ✓ *wat ontstaan tussen twee oppervlaktes om die beweging teen te staan.* ✓ (2)

3.2



- ✓ F_g / w (lower case) and direction of arrow
 F_g / w (klein letter), rigting en pypunt.
- ✓ N and direction correct
N en rigting korrek
- ✓ f and direction correct
f en rigting korrek
an angle shown / 'n hoek aangetoon

(3)

3.3 3.3.1 $F_{\text{net } \perp} = 0 = +N - F_g \perp$ ✓
 $\therefore N = (80 \times 9,8) \times \cos 4,76^\circ$ ✓
 $= 781,30 \text{ N } \perp \text{ up the slope}$ ✓ / \perp opwaarts ✓ (3)

3.3.2 $f_s = \mu_s \times N$ ✓
 $= 0,1 \times 781,30$
 $= 78,13 \text{ N } // \text{ up the slope}$ ✓ / op met helling ✓ (2)

3.3.3 $F_{g//} = F_g \times \sin \theta$ ✓
 $= (80 \times 9,8) \times \sin 4,75^\circ$ ✓
 $= 65,06 \text{ N } // \text{ down slope.}$ ✓ / af teen helling ✓
 $F_{g//} < f_s \therefore \text{ object will remain stationary}$ ✓ $\therefore \text{ voorwerp beweeg nie}$ ✓ (4)

3.4 3.4.1 Decrease ✓
Verminder ✓ (1)

3.4.2 Remain the same ✓
Bly dieselfde ✓ (1)

3.4.3 The Normal will increase ✓ as the incline decrease ✓ and the mass will remain the same $\therefore f_k \propto N \therefore f_k$ increase ✓

Die Normale krag sal vermeerder ^{3.4.4} as die helling verminder ✓ en die massa van die voorwerp sal konstant bly. $\therefore f_k \propto N \therefore f_k$ word groter ✓

(1)
(3)(2)

[19]

QUESTION 4 / VRAAG 4:

4.1 If a resultant force acts on a body, it causes the body to accelerate in the direction of the force ✓ and **the acceleration** is directly proportional to the resultant force and indirectly proportional to the mass of the body. ✓

Indien 'n resulterende /netto krag op 'n voorwerp inwerk, sal die voorwerp versnel in the rigting van die resulterende krag. ✓ Die versnelling is direk eweredig aan die krag en omgekeerd eweredig aan die massa van die voorwerp. ✓

(2)

4.2 4.2.1 Horizontal forces on A
Horisontale kragte op A

Horizontal forces on B
Horisontale kragte op B



$$F_{\text{net on / op A}} = m \times a = T - f_k \quad \checkmark$$

$$15 a = T - 11$$

$$T = 15 a + 11 \dots\dots(1) \quad \checkmark$$

$$(1) + (2) \quad 15 a + 11 = -15 a + 34,32$$

$$30 a = 23,32$$

$$a = 0,78 \text{ m} \cdot \text{s}^{-2} \quad \checkmark$$

Into (1)

$$T = 15 a + 11 \dots\dots(1) \quad \checkmark$$

$$T = (15 \times 0,78) + 11$$

$$T = 22,7 \text{ N} \quad \checkmark$$

$$F_{\text{net on / op B}} = m \times a = F_x - T - f_k \quad \checkmark$$

$$15 a = (50 \times \cos 25^\circ) - T - 11$$

$$T = -15 a + 34,32 \dots\dots(2) \quad \checkmark$$

Into (2)

$$T = -15 a + 34,32 \dots\dots(2) \quad \checkmark$$

$$T = (-15 \times 0,78) + 34,32$$

$$T = 22,62 \text{ N} \quad \checkmark$$

(8)

$$4.2.2 \quad F_{\text{net } y} = 0 = N + F_y - F_g \checkmark$$

$$N = (-50 \times \sin 25^\circ) + (15 \times 9,8)$$

$$= 125,87 \text{ N} \quad / \text{opwaarts} \checkmark$$

$$\mu = \frac{f_k}{N} \checkmark$$

$$= \frac{11}{125,87}$$

$$= 0,09 \checkmark$$

(4)

4.3 Trolley B will experience more friction as 2 kg mass \checkmark was added to it, thus it will slow down. \checkmark

Trolley A will still experience a frictional force of 11 N and will collide into the back of trolley B. \checkmark

Trollie B sal 'n groter wrywingskrag ondervind as die 2 kg massa \checkmark daarop geplaas word en sal dus stadiger beweeg. \checkmark

of \checkmark
 massa van stelsel neem toe en $a = \frac{F_{\text{net}}}{m}$ (3)
 \therefore a van stelsel neem af. \checkmark [17]

QUESTION 5 / VRAAG 5:

5.1



Criteria for Free body diagram / <i>Kriteria vir vryliggaamdiagram :</i>	Marks/ <i>Punte</i>
T – upwards /opwaarts	✓
F _g – down towards centre of earth / - afwaarts na middel van aarde	✓
F _{air friction / lug wrywing} – downwards / afwaarts	✓

- 1 for any extra forces /
- 1 vir enige ekstra kragte. (max ²/₃)

(3)

5.2 There is the force of gravity and air friction down to balance the tension in the rope upwards. ✓ Resultant force is zero. ✓

Die gravitasiekrag en die krag van lugweerstand afwaarts wat die spanning in die tou opwaarts balanseer. ✓ Resulterende krag is nul. ✓

(2)

$$F_{\text{net}} = 0 = -F_g - f_{\text{air} / \text{lug}} + T$$

$$0 = (-80 \times 9,8) - f_{\text{air} / \text{lug}} + 920$$

$$f_{\text{air} / \text{lug}} = 136 \text{ N downwards / afwaarts } \checkmark$$

OPTION 1 / OPSIE 1 (up as +) (op is +)

$$F_{\text{net}} = m \times a = -F_g - f_{\text{air} / \text{lug}} + T \checkmark$$

$$-80 \times 0,18 \checkmark = (-80 \times 9,8) - 136 + T \checkmark$$

$$T = 905,60 \text{ N upwards / opwaarts } \checkmark$$

OPTION 2 / OPSIE 2 (up as -) (op is -)

$$F_{\text{net}} = m \times a = F_g + f_{\text{air} / \text{lug}} - T \checkmark$$

$$80 \times 0,18 \checkmark = (80 \times 9,8) + 136 - T \checkmark$$

$$= -905,60 \text{ N}$$

$$\therefore T = 905,60 \text{ N upwards / opwaarts } \checkmark$$

(5)

5.4 If an object A exerts a force on object B, then B will exert a force equal in magnitude, but opposite in direction on object A. ✓✓
Indien voorwerp A 'n krag op voorwerp B uitoefen, dan sal voorwerp B 'n krag, van dieselfde grootte maar in die teenoorgestelde rigting op voorwerp A uitoefen. (2)

5.5 The rope on Bale and Bale on the rope ✓✓
Rope on the helicopter and the helicopter on the rope
Earth on Bale and Bale on the earth
Earth on the helicopter and the helicopter on the earth (any one)

Die tou op Bale en Bale op die tou

Die tou op die helikopter en die helikopter op die tou

Die aarde op Bale en Bale op die aarde

Die aarde op die helikopter en die helikopter op die aarde (enige een) (2)

5.6 905,60 N downwards / afwaarts ✓ (1)

[15]

QUESTION 6 / VRAAG 6:

- 6.1 Every particle in the universe exerts a force of gravitational attraction on every other particle. The force between the two particles is directly proportional to the product of their masses ✓ and inversely proportional to the square of the distance between them. ✓

Elke voorwerp in die heelal trek elke ander voorwerp aan met 'n krag wat direk eweredig is aan die produk van die massas van die voorwerpe ✓ en omgekeerd eweredig is aan die kwadraat van die afstand tussen die massa-middelpunte van die twee voorwerpe. ✓

(2)

- 6.2 The force of the earth on Apollo 11 would be equal to the force of the moon on Apollo 11 at that point, acting in opposite directions ✓✓

Die krag van die aarde op Apollo 11 sal gelyk wees aan die krag van die maan op Apollo 11 op daardie punt, maar in teenoorgestelde rigtings. ✓✓

(2)

6.3 $F_{EA} = \frac{Gm_E m_A}{r^2}$ ✓

$$= \frac{6,67 \times 10^{-11} \times 6,02 \times 10^{24} \times 300}{(193620 \times 10^3 + 6,38 \times 10^6)^2}$$

$$= 3,012 \text{ N}$$
 ✓

(5)

- 6.4 The mass of the astronaut is so small and he is so far away from any planet (earth/ moon) thus the force will be very small and he appears weightless. ✓✓

Die massa van die ruimtevaarder is so klein en hy is so vër weg van enige planeet dat die aantrekkingskragte wat hy sal ervaar so klein is dat dit lyk of hy gewigloos is. ✓✓

(2)

6.5

$$F_g = \frac{Gm_m m_c}{r^2}$$
 ✓

$$= \frac{6,67 \times 10^{-11} \times 600 \times 10^{21} \times 899}{(1737 \times 10^3)^2}$$

$$= 11924,42 \text{ N}$$
 ✓

$$\frac{6,67 \times 10^{-11} \times 600 \times 10^{21} \times 899}{(1737 \times 10^3)^2}$$
 ✓

(4)

$$= \frac{0,0367}{3,017 \times 10^{12}}$$

$$= 1,216 \times 10^{-14} \text{ N}$$
 ✓

6.6 $F_{\text{new}} = \frac{Gm_m m_c}{r^2}$

$= \frac{1 \times \frac{1}{2} \times 1}{(3)^2}$

$F_n = \frac{1}{18}F \quad \checkmark\checkmark$ or /of 0,0556 F or/of 662,47N

(of $6,78 \times 10^{-16} \text{ N}$)

(2)

[17]

QUESTION 7 / VRAAG 7:

7.1 Refraction is the change of the path of a light ray when it moves from one optical medium to another optical medium. $\checkmark\checkmark$

Die verandering van rigting van 'n ligstraal a.g.v die verandering in spoed van een medium na die volgende. $\checkmark\checkmark$

(2)

7.2 A = incident ray / invallende straal \checkmark

B = reflected ray / weerkaatste straal \checkmark of weerkaatsingshoek.

C = refracted ray / gebreekte straal \checkmark of brekingshoek.


(3)

7.3 To ensure a fair test \checkmark and obtain more accurate results / reduce the factor of human error. \checkmark

Om 'n meer geloofwaardige \checkmark en akkurate resultate te verkry / die effek van menslike foute te verminder. \checkmark

(2)

7.4



(5)

7.5 According to graph is $\sin i \propto \sin r$ ✓ which is Snell's law ✓ and the gradient of graph is equal to the refractive index ✓

Volgens die grafiek is $\sin i \propto \sin r$ ✓ wat Snell se wet verteenwoordig. ✓ en die helling van die grafiek gee die brekingsindeks ✓

(3)

7.6 $\frac{\Delta y}{\Delta x} \checkmark = \frac{0,94 - 0,50}{0,64 - 0,33} \checkmark = 1,42 \checkmark$

(4)


[19]

QUESTION 8 / VRAAG 8:

- 8.1 Towards the Normal / towards the centre of the core ✓✓
 Na die normale toe/ in die rigting van die middel van die kern ✓✓ (2)

8.2 $n_i \sin \theta_i = n_r \sin \theta_r$ ✓
 $1 \times \sin 22^\circ = 1,44 \sin \theta_r$
 $\theta_r = 15,08^\circ$ ✓ (4)

8.3



Criteria for RAY diagram / Kriteria vir STRAALDIAGRAM	Marks / Punte
At A, break towards normal <i>By A, breek na die normale toe.</i>	✓
At C: bend towards core (remains inside) <i>By C: buig terug na die middel van die kern</i>	✓
Arrows indicate direction of movement <i>Pyltjies dui die rigting van beweging aan</i>	✓

(3)

- 8.4 When light moves from an optical more dense to an optical less dense medium ✓ and the light ray is refracted back into the optic more dense medium ✓ (angle of refraction bigger than 90°).
 Wanneer 'n ligstraal van 'n opties digter medium na 'n opties minder digte medium beweeg ✓ en die ligstraal binne in die digter en medium weerkaats word. ✓ *en invalshoek > grenshoek.*
 (brekingshoek groter as 90°) (2)

8.5 8.5.1 $n_i \sin \theta_i = n_r \sin \theta_r$
 $1,56 \times \sin \theta = 1 \sin 90^\circ$ ✓
 $= \sin^{-1} (1 \times \sin 90 / 1,56)$
 $\theta_r = 39,87^\circ$ ✓ (3)

8.5.2 $n_i \sin \theta_i = n_r \sin \theta_r$
 $1,56 \times \sin \theta = 1,49 \sin 90^\circ$
 $= \sin^{-1} (1,49 \times \sin 90 / 1,56)$
 $\theta_r = 72,77^\circ$ (2)


- 8.6 Because the critical angle is now so much bigger, ✓ the light can travel for longer distances before undergoing TIR, thus it can travel faster. ✓
As gevolg van 'n baie groter grenshoek, ✓ kan die ligstraal baie verder in 'n reguit lyn beweeg voordat dit totale interne weerkaatsing ondergaan. ✓ (2)

[18]

QUESTION 9 / VRAAG 9:

- 9.1 Every point on a wave front is a source of a secondary wavelets. These wavelets spread out in the forward direction, at the same speed as the source wave. ✓✓
Elke punt op 'n golffront reageer as die bron van sekondêre golfies wat in alle rigtings met dieselfde spoed as die golf uitsprei. ✓✓ (2)
- 9.2 Moving a straight ✓ stick or a piece of wood/object up and down in the water. ✓
Deur 'n reguit ✓ stok of stuk hout. / voorwerp op en af in die water te beweeg. ✓ (2)
- 9.3 The wavelength can be shortened by moving the object up and down faster ✓✓
Die golflengte kan verkort word deur die voorwerp vinniger op en af te beweeg in die water. ✓✓ (2)

9.4



Criteria for diagram / <i>Kriteria vir diagram</i>	Marks/ <i>Punte</i>
Small slit = big diffraction (round waves) <i>Klein opening = groter diffraksie (ronde golwe)</i>	✓
Wavelength remains the same <i>Golflengte bly dieselfde</i>	✓

(2)

9.5 DECREASE ✓✓

VERMINDER ✓✓

(2)

[10]

TOTAL / TOTAAL: 150

PolyMathic

Vraestel 2

Mei/Junie

Eksamen

PolyMathic

VRAAG 1: MEERVOUDIGEKEUSE-VRAE


Vier opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Elke vraag het slegs EEN korrekte antwoord. Skryf slegs die letter (A – D) langs die vraagnommer (1.1 – 1.10) in die ANTWOORDBOEK neer, byvoorbeeld 1.11 E.

1.1 Watter EEN van die volgende is 'n voorbeeld van 'n nie-kontak krag?

- A Wrywingskrag
- B Gravitasiëkrag
- C Spanningskrag
- D Normale krag

(2)

1.2 Wanneer 'n bus wegtrek van die bushalte af, beweeg die staande passassiers agtertoe as gevolg van een van Newton se wette. Watter een?



- A Newton se Eerste wet
- B Newton se Tweede wet
- C Newton se Derde wet
- D Newton se wet van Universele Gravitasië

(2)

1.3 Die grenshoek tussen lug en water is 49° . Dit dui aan dat die brekingshoek ... is

- A 35°
- B 49°
- C 55°
- D 90°


(2)

1.4 'n Endoskoop word deur dokters gebruik om, sonder 'n groot operasie, binne die liggaam van 'n pasiënt te kyk. Die beginsel waarvolgens 'n endoskoop werk berus op die verskynsel van ...

- A diffraksie.
- B refraksie.
- C totale interne weerkaatsing.
- D absorpsie.


(2)

- 1.5 Twee kragte van groottes 10 N en 6 N werk in op 'n boks. Die boks rus op 'n wrywingslose horisontale oppervlak.



Verskaf die hoek θ tussen die twee kragte aan wat die maksimum resultant sal gee.


- A 0°
 - B 60°
 - C 120°
 - D 180° (2)
- 1.6 'n Voorwerp word vanaf 'n hoogte van 1 km bo die oppervlakte van die aarde laat val. As lugweerstand geïgnoreer word, sal die versnelling van die voorwerp **slegs** afhanklik wees van die ...
- A massa van die voorwerp.
 - B afstand vanaf die middelpunt van die aarde.
 - C die rotasiespoed van die aarde.
 - D massa van die aarde. (2)
- 1.7 'n Satelliet ervaar 'n gravitasiekrag van grootte F op die oppervlak van die aarde, met 'n radius R . Die satelliet word in 'n wentelbaan, met 'n onbekende afstand bo die oppervlak van die aarde geplaas en ervaar nou 'n gravitasiekrag van $\frac{1}{16} F$. Die onbekende afstand is ...
Die elektriese veldsterkte by punt **Q**, wat 'n afstand $\frac{1}{3}r$ vanaf puntlading q is, is gelyk aan:

A $\frac{1}{9}E$





B $\frac{1}{3}E$

C $3E$

D $9E$

(2)


- 1.8 Watter grafiek verteenwoordig die verhouding tussen die grootte van die elektrostatiese krag, F_E , tussen twee gelaaiede sferen en die afstand, r , tussen die middelpunte van die twee sferen?



(2)

[16]

VRAAG 2 (Begin op 'n nuwe bladsy)



Charles hou 'n boekrak, met 'n massa van 2kg, teen 'n muur. Hy oefen 'n krag op die boekrak uit teen 'n hoek van 45° . Charles sukkel om die boekrak op een plek stil te hou. Die verskoning wat hy vir sy pa gee is dat die boekrak nie in ewewig is nie.

- 2.1 Hoe kan Charles en sy pa verseker dat die boekrak in ewewig bly? (1)
- 2.2 Wat is die grootte van die netto krag, wanneer 'n voorwerp in ewewig is? (1)
- 2.3 Watter een van Newton se wette ondersteun die beginsel van ewewig? (1)


Charles oefen 'n krag van 10N op die boekrak uit, teen 'n hoek van 45° .

- 2.4 Bereken die x-komponent van die krag wat Charles op die boekrak uitoefen. (2)
- 2.5 Bereken die y-komponent van die krag wat Charles op die boekrak uitoefen. (2)
- 2.6 Bereken die grootte van die krag wat benodig word om die boekrak in ewewig te hou. (4)

[11]


VRAAG 3 (Begin op 'n nuwe bladsy)

- 3.1 'n 3kg-blok en 'n 8kg-blok is in kontak en word op 'n growwe, horisontale tafel geplaas, soos in die diagram aangedui. Die krag wat op die sisteem toegepas word, is te klein om die sisteem te laat beweeg.



- 3.1.1 Identifiseer twee aksie-reaksie pare wat op die 3kg blok inwerk. (2)
- 3.1.2 Noem en definieer die wet van Newton wat verklaar waarom die blokke in rus is. (3)
- 3.1.3 Identifiseer die tipe wrywingskrag wat op die blokke uitgeoefen word. (1)

- 3.2 Die 3kg en 8kg blokke word nou met 'n toutjie aan mekaar verbind en die toutjie word oor 'n wrywinglose katrol gehang, soos aangedui in die diagram hieronder. Die blokstelsel beweeg vanuit rus uit sonder die teenwoordigheid van 'n toegepaste krag. Die oppervlak het 'n wrywingskoeffisiënt van 0,15.



- 3.2.1 Bereken die wrywingskrag wat op die 3kg blok uitgeoefen word. (3)
- 3.2.2 Skryf *Newton se tweede bewegingswet in woorde* neer. (2)
- 3.2.3 Bereken die versnelling van die 3kg blok. (5)
- 3.2.4 Bereken die grootte van die spanning in die tou. (2)
- 3.2.5 'n Onbekende krag word nou op die 3kg blok toegepas. Hoe moet die krag toegepas word, relatief tot die oppervlak, om 'n maksimum versnelling te kry? Skryf slegs **HORISONTAAL TOT DIE OPPERVLAK** of **TEEN 'N HOEK TOT DIE OPPERVLAK** neer. Verduidelik jou antwoord. (3)

[21]

VRAAG 4 (Begin op 'n nuwe bladsy)

- 4.1 Daar word van 'n groep Graad 11 leerders verwag om 'n onbekende planeet te identifiseer. Die leerders weet dat die onbekende planeet Mercurius, Mars, Venus of Jupiter kan wees. Die inligting wat aan die leerders verskaf is, word in die tabel hieronder opgesom.

Planeet	Radius	Massa
Aarde	$6,4 \times 10^3$ km	$5,97 \times 10^{24}$ kg
Mercurius	-	$3,30 \times 10^{23}$ kg
Mars	$3,4 \times 10^3$ km	$6,42 \times 10^{23}$ kg
Venus	-	$4,87 \times 10^{24}$ kg
Jupiter	$7,1 \times 10^4$ km	-

As 'n leidraad word daar vir die leerders gesê dat die afstand tussen die middelpunte van die onbekende planeet en die Aarde $8,84 \times 10^3$ km is. Die grootte van die aantrekkingskrag tussen die Aarde en die onbekende planeet is $1,7 \times 10^{24}$ N.

- 4.1.1 Skryf *Newton se Universele Gravitasielwet* in woorde neer. (2)
- 4.1.2 Wat is die naam van die onbekende planeet? Bewys jou antwoord deur gebruik te maak van 'n toepaslike berekening. (5)
- 4.1.3 Die afstand tussen die onbekende planeet en die Aarde word vermeerder met 'n faktor van drie. Met watter faktor sal die aantrekkingskrag verander? (1)
- 4.2 Die Graad 11 leerders ondersoek die effek van gravitasie op Mars om te bepaal of lewe op Mars wel moontlik is.
- 4.2.1 Bereken die gravitasieversnelling wat 'n voorwerp, met 'n massa van 60kg, op die oppervlak van Mars sal ervaar. (3)
- 4.2.2 Bereken die 60kg voorwerp se gewig op Mars. (3)

VRAAG 5 (Begin op 'n nuwe bladsy)

5.1 Die volgende verskynsel word deur die Graad 11 leerders ondersoek.

5.1.1 Watter verskynsel vind plaas in die foto? (1)

5.1.2 Definieer die verskynsel, soos beantwoord in VRAAG 5.1.1. (2)



5.2 Bestudeer die tabel en beantwoord die vrae wat volg.


Optiese medium	Brekingsindeks (n)	Spoed van lig in optiese medium
Perspeks	1,50	$2 \times 10^8 \text{ m.s}^{-1}$
Glas	1,52	-

5.2.1 In watter medium het lig minder spoed? (1)

5.2.2 Watter medium sal 'n groter brekingshoek hê vir dieselfde invalshoek? (1)


5.3 Lig word geskyn vanuit lug ($n=1,00$) en gaan twee optiese mediums, naamlik diamant ($n=2,42$) en glas ($n=1,52$), binne.

Voltooi die pad wat die lig sal volg in die verskillende mediums. Alle byskrifte word van jou vereis.



Lug (4)

- 5.4 Lig word vanaf perspeks ($n=1,5$) na 'n onbekende medium geskyn. Die onderstaande diagram is 'n voorstelling van die resultate wat verkry is.



Die tabel hieronder som die spoed van lig in verskillende mediums op.

Optiese medium	Spoed van lig in optiese medium
Lug	$3 \times 10^8 \text{ m.s}^{-1}$
Ys	$2,29 \times 10^8 \text{ m.s}^{-1}$
Water	$2,26 \times 10^8 \text{ m.s}^{-1}$
Perspeks	$2 \times 10^8 \text{ m.s}^{-1}$
Diamant	$1,24 \times 10^8 \text{ m.s}^{-1}$

5.4.1 Skryf *Snell se wet* in woorde neer. (2)

5.4.2 Identifiseer die onbekende medium deur gebruik te maak van toepaslike berekeninge. (7)

5.5 'n Optiese vesel is 'n buigsame, deursigtige vesel wat van baie suiwer glas gemaak word en omtrent so dun soos 'n menslike haar is.

5.5.1 Wat word die verskynsel genoem waarop die basiese funksie van optiese vesels gebasseer is? (1)


5.5.2 Watter mediese apparaat maak gebruik van optiese vesels? (1)

5.5.3 Onder watter toestand(e) vind die verskynsel, soos beantwoord in VRAAG 5.5:1, plaas? (2)

[22]

VRAAG 6 (Begin op 'n nuwe bladsy)


Die diagram hieronder dui twee sfere, R en S, aan met ladings van $-6\mu\text{C}$ en $+2\mu\text{C}$ onderskeidelik. Die afstand tussen die middelpunte van die sfere is 30cm.



6.1 Skryf *Coulomb se wet* in woorde neer. (2)

6.2 Bereken die elektrostatische krag wat die twee ladings op mekaar uitoefen. (3)

Die twee sfere maak kontak en word daarna geskei tot 'n afstand van 20cm, soos in die diagram hieronder aangedui.




6.3 Bereken die nuwe lading op elke sfeer is. (3)

6.4 In watter rigting het elektronoordrag plaasgevind? Skryf slegs VAN R NA S, VAN S NA R of GEEN ELEKTRONOORDRAG neer. (1)

6.5 Teken die elektriese veldpatroon tussen sfeer R en S. (2)

Die lading op sfeer R word nou verander na -6nC en die lading op sfeer S na -10nC . Die sfere is steeds 20cm van mekaar af. Punt P is 'n punt 5cm links van sfeer S, soos in die diagram aangedui.



6.6 Bereken die elektrostatische krag wat sfeer R nou sal ervaar. (3)


6.7 Definieer die term *elektriese veldsterkte*. (2)

6.8 Teken 'n vrye kragtediagram van die elektriese velde by punt P. (2)

6.9 Bereken die netto elektriese veldsterkte by punt P. (6)

6.10 'n Proton word nou by punt P geplaas. Wat is die grootte en rigting van die elektrostatische krag wat die proton sal ervaar? (3)

'n Derde sfeer, T, met 'n lading van $+4\mu\text{C}$, word 30cm onder sfeer R geplaas, soos in die diagram aangedui.



6.11 Teken 'n vrye kragtediagram van die kragte wat op sfeer R inwerk. (2)

6.12 Bereken die netto elektrostatische krag wat sfeer R ervaar. (7)

[36]

TOTAAL: [120]

Memo

Vraag 1

- 1.1 B
1.2 C
1.3 C
1.4 C
1.5 A
1.6 C
1.7 D
1.8 D

[16]

Vraag 2

- 2.1 oefen 'n tweede skuinskrag uit ✓ (1)
2.2 $F_{\text{net}} = 0 \text{ N}$ ✓ (1)
2.3 Newton se eerste wet ✓ (1)
2.4 $F \cos \theta = 10 \cos 45^\circ$ ✓
 $= 7,07 \text{ N na links}$ ✓ (2)
2.5 $F \sin \theta = 10 \sin 45^\circ$ ✓
 $= 7,07 \text{ N op}$ ✓ (2)
2.6 $F_y = 7,07 - (2 \times 9,8)$ ✓
 $= 12,53 \text{ N af}$
 $F_R^2 = F_x^2 + F_y^2$ ✓
 $= (7,07)^2 + (-12,53)^2$ ✓
 $= 14,39 \text{ N}$ ✓ (4)

[11]

Vraag 3

3.1.1 gewig - krag van 3kg blok op harde
normaalkrag - krag van 3kg blok op oppervlak
krag van 8kg blok op 3kg blok - krag
van 3kg blok op 8kg blok
✓enige 2 (2)

3.1.2 Newton se eerste bewegingswet: 'n liggaam
sal in sy toestand van rus of beweging
teen konstante snelheid volhard, tensy 'n nie-
nul resulterende krag daarop inwerk (3)

3.1.3 statiese wrywingskrag ✓ (1)

$$3.2.1 f_k = \mu_k N \checkmark = \mu_k mg \\ = 0,15 (3)(9,8) \checkmark = 4,41 \text{ N links} \checkmark (3)$$

3.2.2 Newton se tweede bewegingswet: Wanneer
'n resulterende krag op 'n voorwerp inwerk,
versnel die voorwerp in die rigting van die
krag teen 'n versnelling direk eweredig aan (2)
die krag en omgekeerd eweredig aan die massa van die
voorwerp.

$$3.2.3 F_{\text{net}} = ma \checkmark \\ T - f_k = ma \\ \underline{T - 4,41 = 3a} \checkmark$$

$$mg - T = ma \\ 8 \times 9,8 - T \checkmark = 8a \checkmark$$

$$3a + 4,41 = 78,4 - 8a \\ a = 6,73 \text{ m.s}^{-2} \text{ regs} \checkmark (5)$$

$$3.2.4 T = 3a + 4,41 \\ = 3(6,73) + 4,41 \checkmark \\ = 24,6 \text{ N} \checkmark$$

of

$$T = 78,4 - 8a \\ = 78,4 - 8(6,73) \checkmark \\ = 24,56 \text{ N} \checkmark (2)$$

3.2.5 horisontaal tot oppervlak ✓
wanneer blok teen 'n hoek is, vergroot die
normaalkrag ($N = F_{g\perp} + F_{\text{tegepasly}}$) ✓
normaalkrag is direk eweredig aan die
wrywingskrag ✓ (3)

[21]

Vraag 4

4.1.1 Elke liggaam in die heelal trek elke ander liggaam aan met 'n krag direk eweredig aan die produk van hul massas en omgekeerd eweredig aan die kwadraat van die afstand tussen hul (2)
 middelpunte.

$$4.1.2 \quad F = \frac{Gm_1 m_2}{r^2} = \frac{(6,67 \times 10^{-11})(5,97 \times 10^{24})}{(8,84 \times 10^6)^2} m_2 = 1,7 \times 10^{24}$$

$$m_2 = 3,34 \times 10^{23} \text{ kg} \quad \text{Mercurius} \quad (5)$$

$$4.1.3 \quad 1/9 \quad (1)$$

$$4.2.1 \quad g = \frac{GM}{r^2} = \frac{(6,67 \times 10^{-11})(6,42 \times 10^{23})}{(3,4 \times 10^6)^2} = 3,7 \text{ m.s}^{-2} \quad (3)$$

$$4.2.2 \quad W = mg = 60 \times 3,7 = 222 \text{ N} \quad (3) \quad [14]$$

Vraag 5

5.1.1 ligbreking (1)

5.1.2 die rigting van verandering van 'n ligstraal omdat sy spoed verander wanneer dit van een deurskynende medium na 'n ander beweeg (2)

5.2.1 glas (1)

5.2.2 perspeks

5.3 (4)

5.4.1 wanneer lig van een deurskynende medium na 'n ander een beweeg, is die verhouding tussen die invalshoek en brekingshoek (2)

$$5.4.2 \quad n_1 \sin \theta_i = n_2 \sin \theta_r \quad n_1 \sin \theta_i = n_2 \sin \theta_r$$

$$1,5 \sin 50^\circ = n_2 \sin 60^\circ$$

$$n_2 = 1,327$$

$$n = \frac{c}{v}$$

$$1,327 = \frac{3 \times 10^8}{v}$$

$$v = 2,26 \times 10^8 \text{ m.s}^{-1}$$

5.5.1 totale interne weerkaatsing (1)

5.5.2 endaskoop (1)

5.5.3 - lig moet gaan van 'n medium met 'n hoër
brekingsindeks na 'n medium met 'n laer
brekingsindeks
- invalshoek moet groter wees as die kritieke
hoek (2)
[22]


Vraag b

6.1 Die grootte van die elektrostatische krag
wat een puntlading op 'n ander puntlading
uitoefen, is direk eweredig aan die produk van
die groottes van die ladings en omgekeerd
eweredig aan die kwadraat van die afstand
tussen hulle (2)

$$6.2 \quad F = \frac{kQ_R Q_S}{r^2} = \frac{(9 \times 10^9)(6 \times 10^{-6})(2 \times 10^{-6})}{(0,3)^2} \\ = 1,2 \text{ N aantrekkend} \quad (3)$$

$$6.3 \quad \Phi = \frac{Q_R + Q_S}{2} = \frac{-6 \times 10^{-6} + 2 \times 10^{-6}}{2} \\ = -2 \times 10^{-6} \text{ C} \quad (3)$$

6.4 R na S

6.5  vorm
rigting (2)

$$6.6 \quad F = \frac{kQ_R Q_S}{r^2} = \frac{(9 \times 10^9)(6 \times 10^{-9})(10 \times 10^{-9})}{(0,2)^2} \\ = 1,35 \times 10^{-5} \text{ N links} \quad (3)$$

6.7 gebied in 'n ruimte waarin 'n elektriese lading 'n krag ondervind (2)

6.8  (2)


6.9 $E_{\text{net}} = E_R - E_S \quad (\leftarrow \oplus)$

$$= \frac{kQ_R}{r^2} - \frac{kQ_S}{r^2}$$

$$= \frac{(9 \times 10^9)(6 \times 10^{-9})}{(0,15)^2} - \frac{(9 \times 10^9)(10^{-9})}{(0,05)^2}$$

$$= 33\,600 \text{ N} \cdot \text{C}^{-1} \text{ regs} \quad (6)$$

6.10 $F = Eq$
 $= (33\,600)(1,6 \times 10^{-19})$
 $= 6,38 \times 10^{-15} \text{ N} \text{ regs} \quad (3)$

6.11  (2)

6.12 $F = \frac{kQ_R Q_T}{r^2} = \frac{(9 \times 10^9)(6 \times 10^{-9})(8 \times 10^{-9})}{(0,3)^2}$
 $= 4,8 \times 10^{-6} \text{ N}$

$$F_R^2 = F_x^2 + F_y^2 = (4,8 \times 10^{-6})^2 + (1,35 \times 10^{-5})^2$$

$$F_R = 1,43 \times 10^{-5} \text{ N}$$

$$\tan \theta = \frac{F_y}{F_x} = \frac{4,8 \times 10^{-6}}{1,35 \times 10^{-5}}$$

$$\theta = 19,57^\circ$$

$$F_R = 1,43 \times 10^{-5} \text{ N} \quad 250,43^\circ$$

W $19,57^\circ$ S
S $70,43^\circ$ W

(7)
 [36]
 TOTAAL: [120]

PolyMathic

Vraestel 5

Mei/Junie

Eksamen

PolyMathic

Vraag 1: Meervoudige Keuse [20]


1.1 Wanneer 'n blok teen 'n helling opbeweeg, vertraag dit a.g.v. kinetiese wrywing en gravitasiekrag. Die Kinetiese wrywing tussen die blok en die oppervlak sal die volgende wees:

- A) Nul
- B) Gelyk aan $\mu_k N$
- C) Minder as $\mu_k N$
- D) Groter as $\mu_k N$

1.2 'n Houer bly in rus op 'n tafel wanneer 'n stuk papier waarop dit staan uitgeruk word. Watter een van Newton se wette verskaf 'n geloofwaardige verduideliking vir hierdie waarneming?


- A) Newton se eerste wet
- B) Newton se tweede wet
- C) Newton se derde wet
- D) Newton se Universele gravitasiewet

1.3 Twee kragte, 5N en 7N onderskeidelik, word op 'n voorwerp uitgeoefen soos hieronder getoon. Watter een van die volgende kan gebruik word om die resultant van die 2 kragte te bereken?



- A) $[(7\cos(20) + 5\cos(35))^2 + (7\sin(20) + 5\sin(35))^2]^{1/2}$
- B) $[(7\cos(20) - 5\cos(35))^2 + (7\sin(20) + 5\sin(35))^2]^{1/2}$
- C) $[(7\cos(20) + 5\cos(35))^2 + (7\sin(20) - 5\sin(35))^2]^{1/2}$
- D) $[(7\cos(20) - 5\cos(35))^2 + (7\sin(20) - 5\sin(35))^2]^{1/2}$

1.4 'n Krag van 10N en 'n krag van 5N word op 'n voorwerp uitgeoefen soos in ie diagram hieronder getoon. Watter een van ie volgende sal NIE die grootte van die wrywingskrag tussen die grond en die voorwerp beïnvloed Indië dit sou verander nie.



- A) Die massa van die voorwerp
- B) Die Normalkrag wat die grond op die voorwerp uitoefen
- C) Die 10N krag wat op die voorwerp uitgeoefen word
- D) Die 5N krag wat op die voorwerp uitgeoefen word


1.5 Persoon ervaar die sensasie van gewigloosheid wanneer:

- A) Die resulterende krag wat op hom inwerk 0N is
- B) Die aarde se gravitasiekrag op hom baie klein is
- C) As hy met 'n valskerm val
- D) Gewig die enigste krag is wat hy ervaar

1.6 'n Boks met 'n massa van 60kg gly teen 'n konstante snelheid by 'n helling af wat 'n hoek van 30° met die horisontaal maak. Die wrywingskrag wat op die boks uitgeoefen word, is:

- A) $50(9,8)\cos(30)$ N teen die helling op
- B) $50(9,8)\cos(30)$ N teen die helling af
- C) $50(9,8)\sin(30)$ N teen die helling op
- D) $50(9,8)\sin(30)$ N teen die helling af

1.7 'n Ligstraal beweeg deur 'n glas blok. Watter een van die volgende hoeke is die brekingshoek?



- A) A
- B) B
- C) C
- D) D

1.8 Die volgende illustreer nie die golf-eienskappe van lig nie

- A) Ligbreking
- B) Weerkaatsing
- C) Lig as fotone
- D) Diffraksie

1.9 Lig beweeg van glas na lug teen 'n invalshoek van 35° . Die brekingsindeks van glas is 1,6 wat is die spoed van lig in glas?

- A) 0,92 m/s
- B) $5,33 \times 10^9$ m/s
- C) $1,6 \times 10^6$ m/s
- D) $1,67 \times 10^6$ m/s


1.10 Breking vind plaas wanneer 'n monochromatiese ligstraal 'n optiese digter medium binnegaan. Watter kombinasie is korrek vir die gebreekte golf.

<u>Spoed</u>	<u>Golflengte</u>	<u>Frekwensie</u>
--------------	-------------------	-------------------

- | | | |
|-------------|----------|--------------|
| A) Neem Toe | Neem af | Neem toe |
| B) Neem af | Neem af | Bly Konstant |
| C) Neem toe | Neem toe | Bly konstant |
| D) Neem af | Neem af | Neem toe |

Vraag 2 [12]

Drie kragte T, F en W werk in op 'n voorwerp soos in die diagram getoon:




- 2.1 Bereken die loodregte komponente van F [2]
- 2.2 Bereken die loodregte komponente van T [2]
- 2.3 Definieer Resultante krag [2]
- 2.4 Bereken die grootte en rigting van die resultante krag wat op die voorwerp inwerk [6]

Vraag 3 [16]

'n Blok met massa 3kg word teen 'n helling van 24° vanaf punt A na punt B deur 'n konstante krag van 12N opgetrek. (Sien skets).


'n Wrywingskrag van 2N word op die blok tussen A en B uitgeoefen.



- 3.1 Teken 'n benoemde vryliggaamsdiagram en dui al die kragte aan wat op die blok inwerk terwyl dit tussen A en B beweeg. [4]
- 3.2 Bereken die kinetiese wrywingskoeffisiënt van die blok en die oppervlak AB [5]
- Nadat die blok B bereik het, word 'n krag van 12N steeds op die blok toegepas, maar die krag is nou parallel aan die oppervlak BC. Neem aan dat die wrywingskoeffisiënt vir BC dieselfde is as vir AB.
- 3.3 Formuleer Newton se tweede wet. [2]
- 3.4 Bereken die grootte van die versnelling van die 3kg blok. [5]

Vraag 4 [19]

Twee blokke, J met massa 5kg en K met massa 10kg, word met 'n ligte toutjie met weglaatbare massa, oor 'n wrywinglose katrol verbind. 'n leerder oefen 'n krag F op blok J uit om te verseker dat die blokke teen 'n konstante snelheid beweeg. Soos in die diagram hieronder getoon word.



4.1.1 Bereken die grootte van Krag F [4]

4.1.2 Identifiseer die krag wat 'n Newton (iii) kragtepaar saam met krag F sal vorm. [2]

Die leerder laat per ongeluk die tou wat aan die 5kg blok verbind is, los.

4.1.3 Bereken wat ie spanning in die tou sal wees [6]


4.2 'n Leerder met 'n massa van 60kg staan op 'n skaal in 'n hysbak wat afwaarts beweeg en teen 'n versnelling van $0,8\text{m/s}^2$ stadiger beweeg.

4.2.1 Bereken die resultante krag wat op die leerder uitgeoefen word. [3]

4.2.2 Bereken die lesing op die skaal terwyl die hysbak afwaarts vertraag. (Neem aan die skaal is in Newton gekalibreer). [4]

Vraag 5 [11]

Die naaste wat Voyager 2 (massa: 722kg) op sy verbyvlug by Neptunus was, was 'n hoogte van 29 240 km. Soos in die skets aangetoon (nie volgens skaal nie).



5.1 Formuleer Newton se 2de wet [2]


5.2 Wat was die grootte van Voyager 2 se gewig op daardie (naaste) oomblik, indien Neptunus 'n radius van 24 900 km en 'n massa van $9,99 \times 10^{25}$ kg het? [4]

5.3 Bereken die gravitasieversnelling op daardie hoogte bo Neptunus [3]

- 5.4 Die massa van Neptunis is 17x die massa van die aarde maar die gravitasiekrag op Neptunis is slegs 1,14x die gravitasiekrag wat 'n voorwerp op Aarde ondervind. Gee 'n moontlike rede hoekom die gravitasiekrag op 'n voorwerp op Neptunis nie minstens 17x die gravitasiekrag op daardie voorwerp op Aarde is nie. [2]

Vraag 6 [18]

Oliebesoedeling op see is 'n groot omgewingsprobleem wat 100de seevoëls en ander spesies hulpeloos en uitgelewer laat. Die volgende diagram toon 'n ligstraal wat vanuit lug inval op 'n waterpoel met olie wat op die water dryf.




- 6.1.1 Teken die diagram oor op jou antwoordstel en voltooi die strale diagram wat alle breking toon. Jy hoef nie enige weerkaatsing te toon nie. [4]
- 6.1.2 Wat is die grootte van die invalshoek vanaf Lug na Olie? [2]
- 6.1.3 Bereken die brekingshoek as die ligstraal van Lug na Olie beweeg [3]
- 6.1.4 Bereken die golflengte van die liggolf wat deur die olie beweeg as die golf se frekwensie $1,06 \times 10^{14}$ Hz is. [4]

Dit is maklik om die olie wat op die water dryf te sien omdat ie sonlig daarin weerkaats. Die sonstrale wat reeds in ie olie in beweging is, word soms ook weerkaats op die skeidingsvlak tussen die olie en die water. Dit staan bekend as totale interne weerkaatsing.

- 6.2.1 Noem die 2 voorwaardes vir totale interne weerkaatsing. [2]
- 6.2.2 Bereken die grenshoek van olie op die skeidingsvlak tussen olie en water [3]

Vraag 7 [12]

Eksperimente word gedoen om die brekings-indekse van verskillende materiale te vergelyk. In een eksperiment skyn 'n ligstraal vanaf lug deur materiaal A en die invalshoek en brekings-hoeke word gemeet. Die brekingsindeks vir lug is 1. Die grafiek hieronder is geteken vir die resultate van materiaal A te gebruik.




- 7.1.1 Gee die naam van die wet wat die verhouding gee tussen die invalshoek en die brekingshoek vir die ligstraal wat deur die grens tussen twee verskillende media beweeg. [2]
- 7.1.2 Bereken die brekingsindeks vir materiaal A deur van die data in die grafiek gebruik te maak [4]
- 7.1.3 Indië materiaal A deur materiaal B vervang word en die brekingshoek 31° is wanneer die invalshoek 40° is, bereken die brekingsindeks van materiaal B. [4]
- 7.2 Water beweeg deur 'n spleet en die golffronte veroorsaak 'n patroon soos hieronder getoon:



Hoe sal die patroon verander indien die watergolwe met 'n korter golflengte deur die spleet beweeg? [2]

Vraag 8 [12]

Huygens se beginsel word gebruik om die golf verskynsel, diffraksie te verduidelik.



- 8.1 Definieer Diffraksie. [2]
- 8.2 Monochromatiese rooi lig word deur 'n enkel spleet geskyn en 'n diffraksie patroon word op die skerm waargeneem.
- 8.2.1 Beskryf die diffraksie-patroon wat op die skerm waargeneem is. [2]
- 8.2.2 Benoem die deel van die patroon (A of B) wat veroorsaak word deur konstruktiewe interferensie. [1]
- 8.3 Hoe sal die breedte van A verander as ide volgende veranderinge aan die opstelling gemaak word. Skryf slegs "Breër", "Nouer" of "bly dieselfde".
- 8.3.1 Die rooi lig word met blou lig vervang. [2]
- 8.3.2 'n Nouer spleet word gebruik. [2]
- 8.3.3 Gee 'n verduideliking vir die waarneming in vraag 8.3.2 [3]

Einde

Totaal:120

Tyd:2h30

Memo

VRAAG 1

1.1) B ✓✓

1.2) A ✓✓

1.3) B ✓✓

1.4) D ✓✓

1.5) D ✓✓

1.6) C ✓✓

1.7) B ✓✓

1.8) C ✓✓

1.9) D ✓✓

1.10) B ✓✓

VRAAG 2

2.1)

$$F_{\text{hor}} = 300 \cos 60^\circ = 150 \text{ N, regs } \checkmark$$

$$F_{\text{ver}} = 300 \sin 60^\circ = 259,81 \text{ N, op } \checkmark$$

2.2)

$$T_{\text{hor}} = 100 \cos 30^\circ = 86,60 \text{ N, links } \checkmark$$

$$T_{\text{ver}} = 100 \sin 30^\circ = 50 \text{ N, op } \checkmark$$

2.3) Die resulterende krag wat op 'n voorwerp inwerk of vektorsom van die kragte wat op 'n voorwerp inwerk

2.4)

$$R_{\text{hor}} = 150 - 86,60 = 63,4 \text{ N, regs } \checkmark$$

$$R_{\text{ver}} = 259,81 + 50 - 100 = 209,81 \text{ N, } \checkmark$$

$$R^2 = (63,4)^2 + (209,81)^2 \checkmark$$


$$R = 219,18 \text{ N } \checkmark$$

$$\tan \theta = \frac{209,81}{63,4} = 73,19^\circ \checkmark$$

$$\therefore R = 219,18 \text{ N } 16,81^\circ / 73,19^\circ \text{ mbt } \checkmark$$

VRAAG 3

3.1)



3.2)

$$F_{\text{wrywing}} = \mu N \quad \checkmark$$

$$2 \checkmark = \mu (3 \times 9,8) \cos 24^\circ \checkmark$$

$$\mu = 0,074 \quad \checkmark$$

3.3) Wanneer 'n netto krag op 'n voorwerp inwerk, sal a voorwerp in die rigting van die netto krag versnel. versnelling is direk eweredig aan die netto krag omgekeerd eweredig aan massa van die voorwerp.

3.4)

$$F_{\text{res}} = ma \quad \checkmark$$

$$12 \checkmark = 0,074 (3)(9,8) = 3 \checkmark a$$

$$a = 3,27 \text{ m} \cdot \text{s}^{-2} \quad \checkmark$$

VRAAG 4

4.1.1)

$$F_{\text{res}} = ma$$

$$K: 10(9,8) - T = 0 \quad \checkmark$$

$$98 - T = 0 \quad \checkmark$$

$$F_{\text{res}} = ma$$

$$J: 98 - 5(9,8) - F = 0$$

$$F = 49 \text{ N}$$

4.1.2) Krag van blok op leerder/tou

4.1.3)

$$K: 10(9,8) - T = 10a \quad \checkmark$$

$$J: -5(9,8) + T = 5a \quad \checkmark$$

$$49 = 15a$$

$$a = 49/15$$

$$T = 5(49/15) + 5(9,8)$$

$$T = 65,33 \text{ N}$$

$$\begin{aligned}
 4.2.1) \quad F_{\text{res}} &= m a_{\text{res}} \quad \checkmark \\
 &= 60 (0,8) \quad \checkmark \\
 &= 48 \text{ N} \quad \checkmark
 \end{aligned}$$

$$\begin{aligned}
 4.2.2) \quad F_R &= w + F_s \quad \checkmark \\
 48 \quad \checkmark &= -588 \quad \checkmark + F_s \\
 F_s &= 636 \text{ N} \quad \checkmark
 \end{aligned}$$

VRAAG 5

5.1) Elke liggaam in die heelal trek elke ander liggaam in die heelal aan met 'n krag wat direk eweredig is aan die produk van hul massas en omgekeerd eweredig is aan die kwadraat van die afstand tussen hul middelpunte.


$$\begin{aligned}
 5.2) \quad F &= \frac{G m_1 m_2}{r^2} \quad \checkmark \\
 &= \frac{6,67 \times 10^{-11} \times 9,99 \times 10^{25} \times 722}{(24900 + 29240)^2} \quad \checkmark \\
 &= 1641,32 \text{ N} \quad \checkmark
 \end{aligned}$$

$$\begin{aligned}
 5.3) \quad w &= m g \quad \checkmark \\
 1641,32 &= 722 (g) \quad \checkmark \\
 g &= 2,27 \text{ m} \cdot \text{s}^{-2} \quad \checkmark
 \end{aligned}$$

5.4) Gravitasiëkrag is afhanklik van die massa EN die radius. Omdat die radius van Neptunus soveel keer groter is as die radius van die aarde is die gravitasiekrag net effens groter in totaal.

VRAAG 6

6.1.1)



6.1.2)

50° ✓✓

6.1.3)

$$n_1 \sin \theta_1 = n_2 \sin \theta_2 \quad \checkmark$$

$$1 \sin 60 \checkmark = 1,5 \sin \theta \quad \checkmark$$

$$\theta = 30,71^\circ \quad \checkmark$$

6.1.4)

$$\lambda = \frac{v}{f} \quad \checkmark$$

$$= \frac{2 \times 10^8 \checkmark}{1,06 \times 10^{14} \checkmark}$$

$$= 1,89 \times 10^{-6} \text{ m. } \checkmark$$

- 6.2.1) 1. optiese digter medium na minder digte medium ✓
2. invalshoek moet groter as kritiese hoek wees! ✓

6.2.2)

$$n_1 \sin \theta_1 = n_2 \sin \theta_2 \quad \checkmark$$

$$1,5 \sin \theta_c = 1,33 \sin 90^\circ \quad \checkmark$$

$$\theta_c = 62,46^\circ \quad \checkmark$$

VRAAG 7

7.1.1)

Snell se wet ✓✓

7.1.3) $n = 1,25$ (sien video)

7.1.2)

$$n_1 \sin \theta_1 = n_2 \sin \theta_2 \quad \checkmark$$

$$1 (0,56) \checkmark = n_2 (0,37) \checkmark$$

$$n_2 = 1,51 \quad \checkmark$$

7.2) Minder Diffraksie

VRAAG 8

8.1) vermoë van 'n golf om in golffronte uit te spreid soos deur 'n smal spleet of om 'n skerp hoek beweeg. ✓

8.2.1) breed sentrale rooi band afwisselende rooi en bande

8.2.2) A ✓

8.3.1) nouer ✓✓

8.3.2) breër ✓✓

8.3.3) spleetwydte verminder (w) vermeerder diffra
daarom sal rooi band breër wees. ✓

TOTAAL / TOTAL : 120

Temas November

Temas dui presies uit watter afdelings elke vraestel bestaan. Dit wys jou hoe eenders vraestelle eintlik is. Die regte nut is by die volgende: veronderstel jy gebruik hierdie pakket **nie voor 'n eksamen nie** en jy moet studeer vir 'n klastoets wat net oor bv. Ladings handel. Dan kan jy presies daardie werk kom oefen sonder te soek vir die relevante vrae.

November Vraestelle

	Vraestel 6	Vraestel 7	Vraestel 8
Vraag 1	Monkey Puzzle	Monkey Puzzle	Monkey Puzzle
Vraag 2	Resulterende krag op asse	Gewig hang aan meer as 1 tou	Gewig hang aan meer as 1 tou
Vraag 3	Krag (Wrywing)	"Ondersoek - versnelling"	Krag (Spanning, 1ste wet)
Vraag 4	Krag (2de wet)	Krag (2 voorwerpe - spanning, wrywing, 2de wet)	Krag (2 voorwerpe - spanning, wrywing)
Vraag 5	Krag (helling, 2de wet)	Universele Gravitاسie	Universele Gravitاسie
Vraag 6	Universele Gravitاسie	Ligbreking en Interne weerkaatsing	Ligbreking en Interne weerkaatsing
Vraag 7	Ligbreking	Huygens se beginsel - diffraksie	Huygens se beginsel - diffraksie
Vraag 8	Huygens se beginsel - diffraksie	Lading by 'n punt	Ladings
Vraag 9	Ladings	Elektromagnetisme	Elektromagnetisme
Vraag 10	Lading by 'n punt	Elektrisiteit	Elektrisiteit
Vraag 11	Elektromagnetisme		
Vraag 12	Elektrisiteit		

	Vraestel 9	Vraestel 10
Vraag 1	Monkey Puzzle	Monkey Puzzle
Vraag 2	Resulterende krag op asse	Gewig hang aan meer as 1 tou
Vraag 3	Krag (Wrywing)	Krag (Wrywing)
Vraag 4	Krag (2 voorwerpe - spanning, 2de wet)	Krag (2 voorwerpe - spanning, wrywing)
Vraag 5	Universele Gravitاسie	Universele Gravitاسie
Vraag 6	Ligbreking	Ligbreking en Ondersoek
Vraag 7	Ligbreking (interne weerkaatsing)	Huygens se beginsel - diffraksie
Vraag 8	Huygens se beginsel - diffraksie	Ladings
Vraag 9	Lading by 'n punt	Elektrisiteit
Vraag 10	Elektromagnetisme	
Vraag 11	Elektrisiteit	

Die hoof temas wat behandel word in die Gr11 November (eind) - eksamen is:

- Krag (Gewoonlik 3 of 4 Vrae).
 - Die 1^{ste} vraag is 'n voorwerp wat aan meer as 1 tou hang of kragte op 'n cartesiese vlak
 - Daar is 'n vraag spesifiek oor statiese/kinetiese wrywing of 'n ondersoek.
 - Daar is altyd 'n vraag oor 2 voorwerpe wat aan mekaar verbind is, dit kan op 'n plat/skuins oppervlak wees, of oor katrolle. Bevat Newton se 1^{ste}, 2^{de} en 3^{de} wet.
- Newton se wet: Universele Gravitاسie
- Ligbreking (en interne weerkaatsing) word gewoonlik in een of twee vrae gedek.
- Huygens se beginsel (Diffraksie) – 1 Vraag.
- Lading (Krag tussen 2 ladings asook puntladings) – 1 of 2 Vrae
- Elektromagnetisme – 1 Vraag
- Elektrisiteit – 1 Vraag

November - Opsommings

Hierdie is opsommings van die vraestelle in hierdie pakket. M.a.w. uit 5 vorige November vraestelle is hierdie die leerwerk, definisies en probleme wat jy moet kan oplos. Ons bring video opsommings hiervan uit maar dis nog nie reg, op die stadium nie. As dit betyds reg is, sal ek dit direk vir julle aanstuur. Leerders moer Gr10 en Graad 11 Junie goed onder die knie hê. Alle **"bold"** bullets is nuut vir November (die res is Junie). Langs elke bullet staan, waar in die vraestelle 'n soortgelyke vraag gevind kan word. Bv. [V13(2.2) ; V18(1.1 ; 1.5)] beteken dat 'n voorbeeld gevind kan word in **Vraestel 13 – Vraag 2.2** ; **Vraestel 18 – Vraag 1.1 en Vraag 1.5**. Vrae wat nie in bold is nie, maar wat Bold V1(13) bevat is werk wat in Junie hanteer is maar wat steeds gevra word.

Afdeling 1 – Krag (Newton 1 tot 3)

Definisies:

- Wrywingskrag: Die kontakkrage wat tussen twee oppervlaktes ontstaan om die beweging teen te staan. [V1(3.1) ; V3(3.1)] [V7(4.1)]
- **Kinetiese wrywingskrag: Die kontakkrage wat tussen twee oppervlaktes ontstaan om die beweging teen te staan van 'n bewegende voorwerp [V6(3.1)]**
- Newton 1ste wet: 'n Voorwerp sal in 'n toestand van rus bly of teen 'n konstante snelheid beweeg tensy 'n resulterende (nie-nul) krag op die voorwerp inwerk. [V3(4.7) ; V4(2.3 ; 3.1.2)] [V6(1.2 ; 3.2) ; V7(4.5) ; V8(3.1) ; V9(3.2) ; V10(2.3.2)]
- Newton 2de wet: Indien 'n nie-nul resulterende krag op 'n voorwerp inwerk sal die voorwerp versnel in die rigting van die resulterende krag. Die versnelling is direk eweredig aan die resulterende krag en omgekeerd eweredig aan die massa van die voorwerp. [V1(4.1) ; V3(4.1) ; V4(3.2.2) ; V5(3.3)] [V6(4.1) ; V8(4.1) ; V9(4.1.2) ; V10(3.2)]
- Newton 3de wet: Indien 'n voorwerp 'n krag op 'n ander voorwerp uitoefen sal die ander voorwerp 'n krag van dieselfde grootte maar in die teenoorgestelde rigting op die eerste voorwerp uitoefen [V1(5.4) ; V3(5.3)] [V7(4.2)]
- Resulterende/Netto krag: Die vektorsom van al die kragte wat op 'n voorwerp inwerk [V2(2.1) ; V5(2.3)] [V7(2.1) ; V8(2.1) ; V10(1.4)]
- Ewig: Geen resulterende krag ($F_R = 0$) wat op voorwerp inwerk, die voorwerp bly in 'n toestand van rus of beweeg teen 'n konstante snelheid. [V2(3.1) ; V3(2.1)]
- Normale krag: Die krag wat deur die oppervlakte op 'n voorwerp wat in kontak met die oppervlakte is, uitgeoefen word. Die krag is loodreg vanaf die oppervlakte. [V2(5.1)]
- **Gewig: Gravitasiëkrag wat 'n planeet(bv. aarde) op 'n voorwerp uitoefen. [V7(5.1)]**
- **Massa: Hoeveelheid materie van 'n liggaam. [V7(5.1)]**

Konsepte:

- 'n Voorwerp beweeg onaangedrewe in die ruimte a.g.v. Newton se 1ste wet [V1(1.1)]
- Iets wat stilstaan of teen 'n konstante snelheid beweeg het geen resulterende krag nie [V1(1.2 ; 2.2) ; V4(2.2)] [V10(2.3.1)]
- Wanneer twee voorwerpe bots, oefen hulle dieselfde grootte krag op mekaar uit [V1(1.4)]
- Skaal in 'n hysbak. 6 Opsies (Skaal lesing reg: hysbak beweeg nie of beweeg teen 'n konstante snelheid, Skaal lesing hoër: hysbak beweeg op en versnel vinniger of hysbak beweeg af en breek, Skaal lesing laer: hysbak beweeg op en breek of beweeg af en versnel vinniger). [V1(1.8)] [V9(1.4)]
- Verstaan dat, omdat $F_k = \mu_k \cdot N$ sal die wrywing afneem/toeneem soos die hoek van die toegepaste krag/oppervlakte verander. [V1(3.4)] [V6(3.6)]
- Wanneer iets van 'n helikopter af, hang veroorsaak die wind van die rotorlemme 'n afwaartse krag (windweerstand). [V1(5.2)] [V8(3.3)]

- Aksie reaksie pare is Newton se 3de wet, die twee voorwerpe moet gewoonlik in kontak wees met mekaar [V1(5.5 ; 5.6) ; V2(1.8 ; 6.2) ; V3(4.9 ; 5.4) ; V4(3.1.1) ; V5(4.1.2)] [V6(1.4) ; V8(1.3) ; V9(5.3) ; V10(1.5 ; 4.3 ; 5.2 ; 5.3)]
- Nie-kontak kragte is kragte wat op iets uitgeoefen word sonder kontak bv. elektromagnetisme en gravitasiekrag. [V2(1.1)]
- Voorwerpe in 'n ander voorwerp (soos 'n voertuig) beweeg agtertoe as die voertuig vorentoe versnel en vice-versa [V2(1.2) ; V3(1.10)]
- Verstaan dat kragte in dieselfde rigting bymekaar getal kan word en vice-versa. Dit beteken die resulterende krag is groter as die hoek tussen die kragte kleiner is [V1(1.5) ; V3(1.2) ; V4(1.2 ; 3.2.5)] [V6(1.1) ; V10(1.7)]
- Normaalkrag is altyd loodreg op die oppervlakte [V3(1.1)]
- Wrywingskoëffisiënt is slegs afhanklik van die oppervlakte [V4(1.1)]
- Statische wrywing is die term wat gebruik word wanneer voorwerpe stilstaan terwyl kinetiese wrywing die term is wat ons gebruik as die voorwerp beweeg [V4(3.1.3)]
- Die gevoel van gewigloosheid word ervaar wanneer die enigste kragte wat op 'n persoon inwerk nie-kontak kragte is. [V5(1.5)] [V8(5.2)]

Moet kan doen/somme:

- Vektor diagramme moet geskets kan word [V1(1.5 ; 2.1) ; V2(3.1)] [V7(1.2) ; V10(2.2)]
- Vryeliggingsdiagramme moet geskets kan word [V1(3.2 ; 5.1) ; V2(5.2) ; V3(2.2 ; 4.2) ; V5(3.1)] [V6(5.1) ; V7(2.3 ; 4.3) ; V8(3.2 ; 4.2) ; V9(3.1 ; 4.1.1 ; 4.2.1) ; V10(3.1 ; 4.1.1 ; 4.2)]
- Moet kinetiese wrywing kan bepaal wanneer Normaalkrag verander a.g.v. helling [V1(1.7)] [V9(3.6)]
- Bepaal resulterende krag of onbekende krag (grootte en/of rigting) wanneer ander kragte gegee is [V1(2.4 ; 5.3) ; V2(2.2 ; 3.3) ; V3(1.4 ; 2.3 ; 2.4) ; V4(2.4 ; 2.5 ; 2.6) ; V5(4.1.1)] [V6(1.3 ; 2.2.2 ; 2.2.3 ; 9.4) ; V7(2.2) ; V8(1.1 ; 2.2 ; 2.4 ; 3.4 ; 3.5) ; V9(2.2 ; 3.3 ; 4.1.5) ; V10(3.4 ; 4.1.2)]
- Resulterende krag van F_x en F_y af: $F_R^2 = F_x^2 + F_y^2$, rigting kan bepaal word met $\tan\theta$ [V2(2.2) ; V5(1.3 ; 2.4)] [V6(5.3)]
- Moet x en y komponente van 'n krag kan bepaal [V5(2.1 ; 2.2)] [V7(2.4 ; 2.5) ; V10(1.2)]
- Vektor diagramme moet gemanipuleer kan word: leerder moet verstaan dat die gegewe hoek gebruik kan word om die x en y komponente te bereken [V1(2.4)] [V6(2.2.1 ; 3.3) ; V7(2.6) ; V8(2.3)]
- Bereken die Normaalkrag/Wrywing of wrywingskoëffisiënt ($F_k = \mu_k \cdot N$) [V1(3.3 ; 4.2.2) ; V2(5.4.1) ; V3(3.2 ; 3.3 ; 5.2) ; V4(3.2.1) ; V5(1.1 ; 1.6 ; 3.2)] [V6(3.5) ; V8(4.3) ; V9(3.5) ; V10(3.3.2 ; 4.4)]
- Verstaan dat die wrywings krag gelyk is aan die produk van die wrywingskoëffisiënt en die normale krag wat beteken dat wrywingskrag beïnvloed word deur die oppervlakte (koëffisiënt verander) asook massa en hoek van toegepaste krag (normaalkrag verander) [V5(1.4)]
- Bereken Normaalkrag as die oorblywende krag in die rigting loodreg relatief tot die oppervlakte. Moet gewig en toegepaste krag gebruik [V3(4.6)] [V6(3.4) ; V7(1.3) ; V8(1.2) ; V9(3.4) ; V10(3.3.1)]
- Moet twee vergelykings kan opstel wanneer twee voorwerpe verbind is met 'n tou om gelyktydig op te los vir versnelling en die spanning in die tou. [V1(4.2.1) ; V2(1.10 ; 5.4.2 ; 5.4.3) ; V3(4.3 ; 4.4 ; 5.1) ; V4(3.2.3 ; 3.2.4) ; V5(4.1.3)] [V7(4.4) ; V8(4.4 ; 4.5) ; V9(4.1.3 ; 4.2.2) ; V10(2.2.2)]
- Resulterende krag gebruik om versnelling te bepaal en vice-versa $F = m \cdot a$ [V3(1.7 ; 1.8) ; V4(1.4) ; V5(3.4)] [V6(4.1 ; 4.2 ; 4.3 ; 5.2 ; 5.4) ; V7(4.6) ; V9(1.3 ; 4.1.4)]
- Bepaal resulterende kragte in hysbak [V5(4.2.1 ; 4.2.2)]
- $W = M \cdot g$ [V10(2.1)]

Afdeling 2 – Universele Gravitasielwet (Newton)

Definisies:

- Universele Gravitasielwet: Elke voorwerp in die heelal trek elke ander voorwerp in die heelal aan met 'n krag wat direk eweredig is aan die produk van die massas van die voorwerpe en omgekeerd eweredig is aan die kwadraat

van die afstand tussen die massa-middelpunte van die voorwerpe [V1(6.1) ; V2(6.1) ; V3(6.1) ; V4(4.1.1) ; V5(5.1)] [V6(6.1) ; V8(5.1) ; V9(5.1) ; V10(5.1)]

Konsepte:

- 'n Voorwerp wat tussen 2 ander voorwerpe is ervaar aantrekkingskrag van beide en gaan dus op 'n sekere posisie $F_r=0$ ervaar. [V1(6.2)]
- Iemand in die ruimte lyk gewigloos omdat hy so vêr van enige planeet is dat die aantrekkingskrag van die planeet gevolglik so klein is dat dit hom nie affekteer nie [V1(6.4)]

Moet kan doen/Somme:

- Die vergelyking $F = Gm_1m_2/r^2$ kan manipuleer om F te bepaal as m of r verander [V1(1.6 ; 6.6) ; V2(1.7 ; 6.5) ; V3(1.5 ; 6.3) ; V4(1.3 ; 4.1.3) ; V5(5.4)] [V6(1.4) ; V7(5.3) ; V8(5.4) ; V10(5.4)]
- Vergelyking gebruik vir grafieke en vice-versa [V1(1.9)]
- Pas die vergelyking toe om op te los vir enige onbekendes [V1(6.3) ; V2(6.4) ; V4(4.1.2) ; V5(5.2)] [V6(6.2) ; V8(5.3) ; V9(5.2) ; V10(5.5)]
- Verstaan dat as 'n persoon of 'n voorwerp op 'n planeet is, kan die radius van die planeet gebruik word as die afstand tussen hulle. [V1(6.5)]
- As meer as een voorwerp in ag geneem word en hulle bly dieselfde afstand van mekaar dan is hulle in ewewig en kan ons onbekendes oplos deur $F_1 = F_2 = F_3 = \dots$ [V3(6.2)]
- Gravitasiëskrag (gewig) = $m \cdot g$ [V4(4.2.2)] [V6(6.3) ; V7(5.2) ; V8(1.4)]
- Bewys (en pas toe) dat $g = GM/r^2$ [V3(6.4) ; V4(4.2.1) ; V5(5.3)]

Afdeling 3 – Ligbreking en totale interne weerkaatsing (Snell)

Definisies:

- Ligbreking/refraksie: Die verandering van rigting van 'n ligstraal a.g.v. die verandering van spoed, soos dit van een medium beweeg na 'n ander medium. [V1(7.1) ; V2(8.1.2) ; V3(7.1) ; V4(5.1.2)] [V6(7.1) ; V9(1.5 ; 6.2)]
- Totale interne weerkaatsing: wanneer 'n ligstraal van 'n optiese digter medium na 'n opties minder digte medium beweeg met 'n invalshoek wat groter is as die grenshoek en die ligstraal binne-in die digter medium weerkaats word. [V1(8.4)]
- Weerkaatsing: Bots by 'n grens [V1(1.3)]
- Kritieke/grenshoek: Invalshoek wat 'n brekingshoek van 90 grade tot gevolg het [V2(9.2) ; V3(10.1)]
- Snell se wet: Wanneer lig van een deurskynende medium na 'n ander beweeg is die verhouding tussen die invalshoek en die brekingshoek: $n_i \cdot \sin\theta_i = n_r \cdot \sin\theta_r$ [V4(5.4.1) ; V5(7.1.1)]
- Invalshoek: Hoek tussen die normaal op 'n reflekerende oppervlak en die invallende straal [V7(6.1)]
- Brekingsindeks: Verhouding tussen spoed van lig in 'n vakuum en die spoed van lig in 'n materiaal (deur 'n medium) [V8(6.1)]

Konsepte:

- Lig breek na die normaal as die 2de stof digter is as die eerste en vice-versa [V1(1.10) ; 8.1) ; V4(5.2.2)] [V7(1.5 ; 1.6) ; V8(1.5 ; 6.5)]
- 'n Hoër brekingsindeks beteken die materiaal is opties-digter [V1(1.10)] [V6(1.5) ; V8(6.4) ; V9(6.1 ; 7.2)]
- Die voordeel van bekleding om optiese vesel is dat die brekingsindeks van die bekleding en optiese vesel na aan mekaar/naby mekaar is wat beteken die lig kan in 'n langer lyn beweeg voor interne weerkaatsing plaasvind. Dis a.g.v. die grenshoek wat groter word. [V1(8.6)]
- Die brekingshoek wanneer die invalshoek = grenshoek is 90 grade. [V1(1.3)]
- 'n Endoskoop (mediese instrument) en optiese vesel is voorbeelde van totale interne weerkaatsing [V1(1.4) ; V3(10.6) ; V4(5.5.1 ; 5.5.2)]
- Refraksie is wat veroorsaak dat iets wat in vlak water is gebuig/breek lyk [V2(8.1.1) ; V4(5.1.1)]

- Lig beweeg vinniger in 'n opties minder digte medium en vice-versa. Digter mediums se deeltjies is meer kompak en verlaag dus die spoed. [V2(8.3 ; 8.4) ; V3(7.5) ; V4(5.2.1)]
- Optiese vesel is beter as koper want dis goedkoper (word nie gesteel nie), moeiliker om data te steel, hoër oordrag spoed, dunner, ligter [V2(9.4)] **[V9(7.4)]**
- Golf eienskappe van lig: Diffraksie, Ligbreking/refraksie, weerkaatsing [V5(1.8)]

Moet kan doen/Somme:

- Skets en benoem ligbreking (invalstraal, invalshoek, weerkaatste straal, weerkaatsingshoek gebreekte straal, brekingshoek, normaal) [V1(7.2) ; V2(8.2.1 ; 8.2.3) ; V3(7.2 ; 7.3 ; 7.4) ; V4(5.3) ; V5(1.7 ; 6.1.1 ; 6.1.2)] **[V6(7.4)]**
- Die “ondersoekende vraag” val gewoonlik in die afdeling. Moet kan skets vanaf tabel en vice-versa, moet met helling die brekingsindeks kan bepaal ens. [V1(7.3 tot 7.6) ; V3(8.3) ; V5(7.1.2)] **[V6(1.6) ; V7(6.2 ; 6.4.2) ; V10(6.3)]**
- Moet Snell se wet kan toepas en manipuleer $n_i \sin \theta_i = n_r \sin \theta_r$ [V1(8.2) ; V2(8.2.2) ; V3(8.1 ; 8.2) ; V4(5.4.2) ; V5(6.1.3 ; 7.1.3)] **[V6(7.2 ; 7.3) ; V7(6.4.1) ; V8(6.3) ; V9(6.3)]**
- Skets pad van interne weerkaatsing [V1(8.3)]
- Moet grenshoek kan bereken deur te verstaan dat die grenshoek is die invalshoek wat 'n brekingshoek van 90 gee. [V1(8.5) ; V2(9.3.1) ; V3(10.2) ; V5(6.2.2)] **[V9(7.3) ; V10(6.4)]**
- Spoed van lig in 'n medium kan bereken met $n = c/v$ [V2(9.3.2) ; V5(1.9)] **[V6(7.5) ; V7(6.3) ; V8(6.2)]**
- Toestande vir totale interne weerkaatsing: van opties meer dig na opties minder dig en invalshoek > grenshoek [V2(9.1) ; V3(10.3 ; 10.4 ; 10.5) ; V4(1.6 ; 5.5.3) ; V5(6.2.1)] **[V6(7.6) ; V7(6.5) ; V8(6.6) ; V9(7.1)]**
- $C = \text{golflengte} \times \text{frekwensie}$: tydens refraksie verander die spoed maar die frekwensie bly konstant. Dus sal die golflengte verandering direk eweredig wees aan die spoed. Moet ook vergelyking kan gebruik [V5(1.10 ; 6.1.4)] **[V8(6.7)]**

Afdeling 4 – Diffraksie (Huygens se beginsel)

Definisies:

- Huygens se beginsel: Elke punt op 'n golffront reageer as die bron van sekondêre golfies wat in alle rigtings met dieselfde spoed as die golf versprei. [V1(9.1) ; V2(7.2)] **[V6(1.7) ; V7(7.2) ; V8(7.1) ; V10(7.2)]**
- Diffraksie: Die vermoë van 'n golf om in golffront uit te spreid soos dit deur 'n spleet of om 'n skerpe hoek beweeg [V2(7.1) ; V5(8.1)] **[V6(8.1) ; V8(1.6) ; V9(8.1.1) ; V10(1.8 ; 7.1)]**
- Monochromatiese lig: 'n Ligstraal wat net uit een golflengte of frekwensie bestaan [V3(9.1)]

Konsepte:

- Verstaan dat 'n groter spleet, minder diffraksie sal veroorsaak wat die helder band kleiner maak en vice-versa [V1(9.5) ; V2(7.5.1 ; 8.3.2 ; 8.3.3)] **[V7(7.3 ; 7.4) ; V9(8.2.2.b)]**
- Verstaan dat lig met 'n korter golflengte diffraksie laat afneem (en gevolglik die helder band kleiner maak) en vice-versa (moet ook weet dat blou lig 'n korter golflengte as rooi lig het [V2(7.5.2) ; V3(9.3.5) ; V5(7.2 ; 8.3.1)] **[V6(8.3 ; 8.4 ; 8.5) ; V7(1.7) ; V8(7.4) ; V9(8.2.2.a) ; V10(7.4)]**
- **Mate van diffraksie direk eweredig aan afstand vanaf skerm [V7(7.5)]**
- Die helder bande word gevorm a.g.v. Konstruktiewe interferensie terwyl die dowwer bande gevorm word a.g.v. Destruktiewe interferensie. [V2(7.4) ; V3(1.6) ; V5(8.2.2)] **[V10(7.3.1)]**
- **Diffraksie kan slegs plaasvind deur 'n spleet as die wydte van die opening minder asof van die orde van die golflengte van die golf is [V9(8.1.2)]**

Moet kan doen/Somme:

- Skets die diffraksie-patroon [V1(9.4)]
- Moet diffraksie patroon kan beskryf (Helder breë sentrale kleurband afgewissel deur swart/donker en helde bande wat al hoe dowwer raak na die kante toe) [V2(7.3) ; V3(9.1) ; V5(8.2.1)] **[V9(8.2.1) ; V10(7.3.2)]**

Afdeling 5 – Ladings

Definisies:

- Coulomb se wet: Die grootte van die elektrostatische krag wat een puntlading op 'n ander puntlading uitoefen is direk eweredig aan die produk van die groottes van die ladings en omgekeerd eweredig aan die kwadraat van die afstand tussen die puntladings [V4(6.1)] [V6(9.1) ; V10(8.1)]
- Elektriese veldsterkte: Grootte van die elektromagnetiese krag wat in 'n elektromagnetiese veld ondervind word [V4(6.7)]
- **Elektriese veld by 'n punt:** Elektriese krag wat per eenheid positiewe lading ondervind word by daardie punt. [V7(8.1)]

Konsepte:

- Teenoorgestelde ladings trek mekaar aan en vice-versa [V4(6.10)] [V7(8.2) ; V9(1.7) ; 9.1.1]
- Slegs elektrone vloei – verstaan dat elektrone van negatief na positief beweeg. [V4(6.4)] [V9(9.1.2)]
- **Elektriese veld is direk eweredig aan die krag uitgeoefen op die lading** [V8(1.7)]
- **Elektriese veldsterkte is sterker nader aan die ladings** [V8(8.3)]

Moet kan doen/Somme:

- Die vergelyking $F_E = kq_1q_2/r^2$ kan manipuleer om F te bepaal as q of r verander [V4(1.7) ; 1.8]
- Gebruik $F_E = kq_1q_2/r^2$ en manipuleer die formule om enige onbekendes te bepaal [V4(6.2) ; 6.6)] [V6(9.3) ; V8(8.2) ; V10(8.3.1)]
- **Gebruik formule om te bepaal wat sal gebeur as bv. massa verdubbel** [V7(1.8) ; V9(1.8) ; V10(1.9)]
- Skets veldpatroon tussen twee sferes [V4(9.5)] ; [V7(8.3) ; V8(8.1) ; V10(8.2)]
- **Skets veldpatroon van 'n gelaaide sfeer** [V6(10.1)]
- Skets vrye kragtediagram by 'n punt [V4(6.8)] [V6(9.2)]
- **Bepaal elektriese veld by 'n punt $F_E = kq/r^2$** [V6(10.1) ; V10(8.3.2)]
- Bepaal netto krag by 'n sekere punt deur bogenoemde vergelyking toe te pas vir elke lading wat 'n krag op die punt uitoefen [V4(6.9)] [V9(9.2.1)]
- $Q = (Q_1+Q_2)/2$ (Lading nadat hulle raak) [V4(6.3)] [V9(9.1.3)]
- **Moet resulterende krag van 'n lading kan bepaal wanneer meer as twee ladings betrokke is** [V6(1.8) ; V7(8.4) ; V8(1.8) ; 8.4) ; V9(9.2.2)]
- $n(\text{aantal elektrone}) = Q(\text{lading})/q(\text{lading van 'n elektron})$ [V10(8.3.3)]

Afdeling 6 – Elektromagnetisme

Definisies:

- Faraday se wet: Die grootte van die geïnduseerde EMK oor die punte van 'n geleier is direk eweredig aan die tempo van verandering van die magnetiese vloedkoppeling met die geleier [V6(11.1) ; V7(9.1) ; V8(9.3) ; V9(10.1.1)]

Konsepte:

- Verstaan wat met EMK gebeur as die spoel in 'n sekere tydperk deur 'n sekere hoek roteer word [V6(11.4) ; 11.5)]
- Verstaan wat gebeur as 'n staafmagneet na of weg van 'n solenoïede beweeg word N-pool na solenoïede of S-pool weg van solenoïede: N geïnduseer. N-pool weg van solenoïede of S-pool na solenoïede: S-pool geïnduseer. [V6(11.6) ; V8(1.9) ; V9(1.9) ; V10(1.10)]
- Goed wat EMK affekteer: spoed van rotasie, aantal windings) [V7(1.9)]

- Galvanometer uitwyking is direk eweredig aan sterkte van magneet en tempo waarteen magneet in solenoïede inbeweeg [V9(10.1.2)]

Moet kan doen/somme:

- Gebruik regterhandreël om rigting van vloei of magneet [V6(1.9)]
- Gebruik en manipuleer die formule om al die onbekendes te bepaal: $\epsilon = -N\Delta\phi/\Delta t$ [V6(11.2) ; V8(9.2) ; V9(10.2.2)]
- Gebruik en manipuleer die formule om al die onbekendes te bepaal: $\Delta\phi = AB(\cos\theta_f - \cos\theta_i)$ [V6(11.3) ; V7(9.3) ; V8(9.1) ; V9(10.2.1)]
- Bepaal verandering in magnetiese vloed vanaf grafiek (EMK vs $1/t$) [V7(9.2)]

Afdeling 7 – Elektrisiteit

Definisies:

- EMK: potensiaalverskil van sel of battery indien dit aan geen komponente of aan geen stroombaan gekoppel is nie. Totale potensiaalverskil wat battery kan lewer. Die arbeid verrig per eenheidslading deur die bron (battery)
- Stroom: Tempo van vloei van 'n lading ($I = Q/t$)
- Potensiaalverskil: Die werk/arbeid verrig om een eenheid lading tussen twee punte te laat beweeg ($V = W/Q$)
- **Drywing: Tempo waarteen arbeid verrig of energie oorgedra word [V7(10.1.1)]**
- **Ohm se wet: Die potensiaalverskil oor 'n geleier is direk eweredig aan die stroom in die geleier mits die temperatuur konstant bly [V8(10.1) ; V9(11.1.1) ; V10(9.1)]**

Konsepte:

- **Stroomverdeler – parallel en Potensiaal verdeler – Serie**
 - Stroom split in 'n parallelle baan maar nie in serie nie – stroom split volgens weerstande [V6(12.2) ; V7(10.1.4) ; V9(11.2.2) ; V10(1.6)]
 - Volt verdeel in serie maar nie in parallel nie [V7(1.10) ; V8(10.4) ; V9(11.2.1) ; V10(9.4)]
 - Volt oor elke komponent van 'n parallel baan, asook oor die totale parallelle baan is dieselfde. Tensy daar 'n serie komponent in die parallel baan is.
- Ammeters is in serie en weerstand is weglaatbaar klein [V6(12.4 ; 12.5)]
- Voltmeters is in parallel en weerstand is groot as voltmeter in serie is, is sy weerstand so groot dat die ander weerstande weglaatbaar klein raak [V8(1.10)]
- EMK verander nie tensy ons die selle verander.
- Nie-ohmiese weerstand is 'n weerstand wat nie Ohm se wet volg nie [V6(1.10)]
- Weerstande in parallel laat die effektiewe weerstand afneem [V7(10.1.5 ; 10.1.6) ; V8(10.5) ; V10(1.3)]

Moet kan doen/Somme:

- Bepaal EMK:
 - Tel die Volt van elke sel bymekaar
 - $V = I \times R$ waar I die totale stroom en R die totale weerstand in die stroombaan is.
 - Tel al die Potensiaal verdelers bymekaar.
- Moet stroombane kan teken
- $V = I \cdot R$ [V7(10.1.3) ; V9(1.10) ; V10(9.3)]
- $R_{\text{tot}} = R_1 + R_2 + R_3$ (serie) [V9(11.1.2) ; V10(9.2)]
- $1/R_{\text{tot}} = 1/R_1 + 1/R_2 + 1/R_3$ (Parallel) [V6(12.1) ; V7(10.1.2)]
- $Q = I \times t$
- $W = V \times Q$ [V6(12.3)]
- $W = V^2\Delta t/R$ [V8(10.7) ; V9(11.2.3)]
- $W = V \cdot I \cdot \Delta t$ [V9(11.2.3)]

- $W = I^2 R \Delta t$ [V9(11.2.3)]
- $P = W/\Delta t$ [V7(10.2.1)]
- Moet vergelykings kan gebruik om te bepaal wat gebeur met totale weerstand en stroom wanneer skakelaars gesluit word of ekstra weerstande bygevoeg word [V7(10.1.5 ; 10.1.6)]
- Vanaf grafiek van V vs I verskeie vrae beantwoord (V8(10.2 tot 10.7))

Ander (Vrae wat in enige afdeling voor kan kom)

- Formuleer die doel/ondersoekende vraag: Om die verwantskap te bepaal (as twee goed verander word) of om twee goed te vergelyk. [V2(4.2) ; V3(9.3.4)] [V6(8.2) ; V7(7.1) ; V10(6.1)]
- **Hipotese: Wat jy dink die eksperiment behoort te bewys** [V7(3.1)]
- Gekontroleerde veranderlike: Ons kies hom om (gewoonlik) konstant te bly [V2(4.1.3) ; V3(9.3.3)] [V7(3.2.2) ; V8(7.2.3)]
- Onafhanklike veranderlike: Ons kies hoe ons hom verander [V2(4.1.2) ; V3(9.3.1)] [V7(3.2.1) ; V8(7.2.1) ; V10(6.2.1)]
- Afhanklike veranderlike: Hy verander soos ons die ander veranderlike verander [V2(4.1.1) ; V3(9.3.2)] [V8(7.2.2) ; V10(6.2.2)]
- Moet eenhede baie goed ken/manipuleer en verstaan dat ek bv. V. Kan voorstel as J/C.
- Moet vergelykings en grafieke kan interpreteer om te verstaan wanneer twee goed eweredig/omgekeerd eweredig is en wat dit dan beteken. [V2(4.4)] [V8(7.3)]
- 'n Vektor is iets met grootte en rigting bv. krag, versnelling, snelheid, elektriese veld [V3(1.3)] [V7(1.1) ; V9(2.1)]
- **Skalare het nie rigting nie** [V9(1.2)]
- Leerders moet steeds Gr10 werk kan toepas soos bewegingsvergelykings en meganiese energie [V3(4.5)] [V9(4.2.2) ; V10(1.1)]

Formuleblad

**GEGEWENS VIR FISIESTE WETENSAPPE GRAAD 11
VRAESTEL 1 (FISIKA)**

TABLE 1: PHYSICAL CONSTANTS/TABEL 1: FISIESTE KONSTANTES

NAME/NAAM	SYMBOL/SIMBOOL	VALUE/WAARDE
Acceleration due to gravity <i>Swaartekragversnelling</i>	g	9,8 m·s ⁻²
